- Indien u pyn in u buik ervaar, aangesien dit 'n simptoom van pankreatitis kan wees (swelling van die pankreas) (sien **"MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE"**).
- Indien u lewerprobleme het, insluitend hepatitis B of C, aangesien die gebruik van antivirale medisyne ongunstige lewersimptome kan veroorsaak, wat dodelik mag wees. U dokter sal u lewerensieme monitor aangesien **REYDIN** lewertoksisiteit kan veroorsaak.
- Indien u kind simptome soos swak groei, verlies van spierkoördinasie, spierswakheid, sigprobleme, gehoorprobleme, leergestremdheid, hartsiekte, lewersiekte, niersiekte, gastroïntestinale versteurings, asemhalingsversteurings, senuweestelselprobleme (brein, ruggraat en senuwees), verlies van willekeurige liggaamsfunksies (soos asemhaling, blaasfunksie, hartklop en verteringsprosesse) en demensie (geheueverlies) ervaar. Dit kan 'n teken van mitochondriale (die deel van die sel wat energie produseer) versteuring wees. Hierdie bevindings moet in gedagte gehou word vir enige kind wie voor geboorte aan behandeling blootgestel is.
- Indien u in die verlede probleme met u skeletbene gehad het. Dit mag nodig wees dat u professionele gesondheidsorgwerker toetse uitvoer om u beenmineraaldigtheid te bepaal of medisyne voorskryf om u beenmineraaldigtheid te verbeter.
- Indien u seer of pynlike gewrigte, gewrigstyfheid of moeisame beweging ervaar. U mag moontlik aan osteonekrose ly.
- Indien u bejaard is en aan nier- of lewerskade of -versaking ly.

REYDIN moenie gebruik word in kinders jonger as 18-jarige ouderdom nie. Veiligheid is nie bepaal nie (sien **"VOORDAT U REYDIN NEEM"**).

REYDIN moet versigtig gebruik word in bejaardes (65 jaar en ouer), weens verswakte lewer- en nierfunksie.

REYDIN moenie saam met ander medisyne wat enige van die aktiewe bestanddele bevat geneem word nie, naamlik: dolutegravir, lamivudien of tenofovir disoproksielfumaraat (sien **"Neem van ander medisyne saam met REYDIN"**).

REYDIN verminder nie die risiko om MIV aan ander oor te dra deur seksuele kontak of bloedbesmetting nie. Dit is gevolglik belangrik om aan te hou om gepaste voorsorgmaatreëls te neem om te voorkom dat MIV na ander oorgedra word.

Selfs al ontvang u behandeling vir MIV, is daar steeds die risiko dat u ander infeksies en ander komplikasies van die MIV-infeksie kan ervaar. Dit is dus nodig dat u onder toesig van u dokter bly.

Swangerskap en borsvoeding:
Moenie **REYDIN** neem indien u swanger is of borsvoed nie (sien **"Moenie REYDIN neem nie"**). **REYDIN** kan u ongebore kind ernstige skade aandoen indien u swanger raak terwyl u behandeling ontvang, of indien u **REYDIN** begin neem in die eerste paar weke van u swangerskap.

Indien u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg asseblief u professionele gesondheidsorgwerker voordat u **REYDIN** neem. U moet seker maak dat u altyd effektiewe voorbehoeding gebruik terwyl u **REYDIN** neem. U professionele gesondheidsorgwerker kan u raad gee oor watter voorbehoedmiddels om te gebruik. Moet nooit ophou om **REYDIN** te neem sonder om eers u professionele gesondheidsorgwerker te raadpleeg nie, aangesien u MIV-toestand erger kan raak.

Indien u dit oorweeg om swanger te raak, moenie ophou om **REYDIN** en voorbehoedmaatreëls te gebruik voordat u met u professionele gesondheidsorgwerker gepraat het nie. Indien u dink dat u swanger mag wees, moet u na u professionele gesondheidsorgwerker gaan vir 'n swangerskapstoets en vir advies rakende u toekomstige MIV-behandeling en 'n swangerskap bestuursplan.

Moeders moenie hulle kinders borsvoed terwyl hulle **REYDIN** neem nie.

Indien u swanger is, beplan om swanger te raak of u baba borsvoed, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker vir advies voordat u REYDIN neem.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
REYDIN mag duiseligheid, belemmerde konsentrasie en/of lomerigheid veroorsaak. U moenie 'n voertuig bestuur of masjinerie hanteer totdat u seker is dat **REYDIN** nie u vermoë om te bestuur of om masjiene te hanteer beïnvloed nie.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van REYDIN:
REYDIN bevat mannitol en mag 'n lakserende uitwerking hê.

Neem van ander medisyne saam met REYDIN:

Stel altyd u professionele gesondheidsorgwerker in kennis indien u enige ander medisyne neem. (Dit sluit aanvullende of tradisionele medisyne in.)

Indien u enige van die volgende medisyne neem, moet u asseblief u dokter inlig voordat u **REYDIN** neem:
- Ander produkte wat dolutegravir, lamivudien of tenofovir bevat, alleen of as kombinasie formulerings. **REYDIN** moenie saam met hierdie medisyne gebruik word nie want dit bevat dieselfde, of soortgelyke, aktiewe bestanddele as **REYDIN**.
- Rifampisien, wat gebruik word vir die behandeling van tuberkulose, kan die bloedkonsentrasies van **REYDIN** verlaag.
- **REYDIN** kan die bloedkonsentrasies van metformien (vir die behandeling van tipe 2-diabetes) verhoog wanneer dit terselfdertyd gebruik word.
- Ander medisyne wat gebruik word vir die behandeling van MIV-infeksies, wat bloedvlakke van **REYDIN** verlaag, sluit in efavirens, nevirapien, ritonavir, tipranavir.
- **REYDIN** kan die bloedvlakke van die volgende hartmedisyne, vir die behandeling van onreëlmatige hartklop, verhoog – dofetilied en pilsikaïnied.
- **REYDIN** kan die bloedkonsentrasie vlakke van isoniasied, wat gebruik word vir die behandeling van tuberkulose, verhoog.
- Sekere teensuurmiddels wat byvoorbeeld magnesium, aluminium, yster of kalsium bevat, kan ook die vlakke van **REYDIN** verlaag.
- **REYDIN** moet 2 uur voor of 6 uur na produkte wat magnesium, kalsium, yster of aluminium bevat geneem word.
- **REYDIN** kan die afbraak van salsitabien, wat ook gebruik word vir die behandeling van MIV-infeksies, belemmer.
- Vermy die gebruik van **REYDIN** in kombinasie met hoë dosisse ko-trimoksasool of trimetoprim (gebruik vir die behandeling van bakteriële infeksies) indien u 'n niertoestand of -siekte het.
- Die gebruik van **REYDIN** saam met etravirien vir MIV-infeksies word nie aanbeveel nie.
- Medisyne wat toksies vir die niere kan wees, byvoorbeeld antibiotika soos vankomisien, aminoglikosiede (gentamisien, amikasien, tobramisien, neomisien), teenswammiddels (bv. amfoterisien B), antivirale middels (bv. foskarnet, gansiklovir), antimikrobiese middels (bv. pentamidien).
- **REYDIN** verhoog die vlakke van atasanavir (wat ook gebruik word vir die behandeling van MIV-infeksie) en dit mag nodig wees om die dosis aan te pas.
- Fenobarbitoon, fenitoïen, okskarbasepien, karbamasepien en Johanneskruid (St. John's Wort) verminder die vlakke van **REYDIN**.
- **REYDIN** verhoog die vlakke van abakavir, wat gebruik word vir die behandeling van MIV en dit mag nodig wees om die dosis aan te pas.
- **REYDIN** word nie geaffekteer nie en beïnvloed nie die vlakke van emtrisitabien, lopinavir en ritonavir wat gebruik word in die behandeling van MIV, nie.
- **REYDIN** word nie geaffekteer nie en verander nie die vlakke van metadoon, wat gebruik word vir die behandeling van opioïedmisbruik, nie.
- Kombinasie medisyne vir die behandeling van MIV wat fosamprenavir en ritonavir, of darunavir en ritonavir bevat, verminder die vlakke van **REYDIN**.
- Medisyne wat gebruik word vir die behandeling van hepatitis B wat adefovir dipivoksiel bevat, kan die bloedvlakke van **REYDIN** verhoog, veral indien u nierversaking het. Terwyl medisyne wat ribavirien bevat, wat gebruik word vir die behandeling van hepatitis B, nie geaffekteer word nie en nie die vlakke van **REYDIN** verander nie.
- Medisyne wat didanosien bevat. **REYDIN** mag die hoeveelheid didanosien, wat gebruik word vir die behandeling van MIV, in u bloed laat toeneem. Dit mag nodig wees dat u noukeuriger gemoniteer word indien u **REYDIN** en didanosien saam neem. Dit mag ook nodig wees om die dosis van didanosien te verlaag.

HOE OM REYDIN TE NEEM:
Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.
REYDIN-terapie moet geïnisieer word deur 'n professionele gesondheidsorgwerker wat ervare is in die bestuur van MIV-infeksies.

Neem REYDIN altyd presies soos wat u dokter vir u voorgeskryf het. U moet met u dokter of apteker bevestig indien u onseker is.

Die gewone dosis **REYDIN** is een tablet mondeliks geneem, een keer daagliks, met of sonder kos.

REYDIN kan slegs deur volwassenes ouer as 18 jaar gebruik word.

U professionele gesondheidsorgwerker sal u inlig hoe lank u behandeling met **REYDIN** sal duur. Moenie die behandeling vroeg stop nie, aangesien dit u toestand kan vererger en u liggaam weerstandig teen die medisyne kan maak.

Indien u onder die indruk verkeer dat die effek van **REYDIN** te sterk of te swak is, vertel u professionele gesondheidsorgwerker of apteker.

Indien u medisyne vir tuberkulose neem wat rifampisien bevat, raadpleeg asseblief u professionele gesondheidsorgwerker (sien **"Neem van ander medisyne saam met REYDIN"**).

Indien u meer REYDIN geneem het as wat u behoort:
In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Indien u vergeet om REYDIN te neem:
Moenie 'n dubbele dosis neem om te vergoed vir vergete individuele dosisse nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE:
REYDIN kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir REYDIN gemeld is, word in hierdie inligtingstuk vervat nie. Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige ongunstige effekte ervaar terwyl u hierdie medisyne neem, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker vir advies.

Indien u enige van die volgende newe-effekte ervaar, moet u ophou om **REYDIN** te neem en u professionele gesondheidsorgwerker onmiddellik kontak of na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal gaan:
- Swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat dit moeilik kan maak om te sluk of asem te haal.
- Uitslag of gejeuk.
- Floutes.
- Vergeling van die vel en oë, wat ook geelsug genoem word.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, mag u 'n ernstige allergiese reaksie op **REYDIN** gehad het. U mag dringende mediese sorg of hospitalisasie nodig hê.
- Hipersensitiwiteitsreaksies:
  - Bronchospasma (skielike sametrekking van die spiere in die wande van die longe).
  - Vinnige of onreëlmatige asemhaling.
  - Pofferigheid of swelling rondom die gesig.
  - Kortasemheid.
  - Skielike daling in bloeddruk.
- Swelling (inflammasie) van die lewer (hepatitis), wat die volgende simptome mag insluit:
  - Vermoeidheid.
  - Naarheid en braking.
  - Maagpyn of -ongemak, veral in die omgewing van u lewer aan die regterkant, agter u onderste ribbes.
  - Kleikleurige stoelgange.
  - Aptytverlies.
  - Laegraadse koors.
  - Donker urine.
  - Gewrigspyn.
  - Vergeling van die vel en oë (geelsug).

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. U mag dringende mediese sorg nodig hê.

Stel u professionele gesondheidsorgwerker in kennis indien u enige van die volgende opmerk:
- Neutropenie ('n abnormale lae konsentrasie van witbloedselle). Simptome sluit in:
  - Koors.
  - Pyn met sluk.
  - Seer tandvleise.
  - Velabsesse.
  - Seer ore.
- Anemie (wanneer u 'n lae rooibloedseltelling het). Simptome sluit in:
  - Moegheid.
  - Buitengewoon vinnige hartklop.
  - Kortasemheid.
  - Sukkel om te konsentreer.
  - Duiseligheid.
  - Bleek vel.
  - Krampe in die bene.
  - Slaaploosheid.
- Indien u 'n probleem met bloedstolling het, sluit simptome in:
  - Ernstige bloeding.
  - Pers, rooi of bruin kneusplekke.
- Pasiënte wie **REYDIN** neem kan 'n ernstige toestand, naamlik laktaatasidose / hiperlaktatemie (opbou van suur in die bloed) ontwikkel. Simptome sluit in:
  - U voel baie swak of moeg.
  - U het ongewone (abnormale) spierpyn.
  - U sukkel om asem te haal.
  - U het maagpyn met gepaardgaande naarheid en braking.
  - U kry koud, veral u arms en bene.
  - U voel duiselig of lighoofdig.
  - U hart klop vinnig of onreëlmatig.
- U sal meer geneig wees om laktaatasidose of lewerprobleme te ontwikkel indien u vroulik is, erg oorgewig (vetsugtig) is, of **REYDIN** al vir 'n lang tyd neem.
- Rooibloedselaplasie (verminderde aantal rooibloedselle). Simptome sluit in:
  - Moegheid.
  - Lusteloosheid.
  - Verminderde oefentoleransie.
  - Bleekheid.
- Lipodistrofie – abnormale verspreiding of verlies van liggaamsvet in sekere areas soos:
  - Vergroting van middellyf- of borsgrootte.
  - Vetakkumulasie rondom nek, kakebeen of borug (wat na verwys word as "maagesig" of "buffelskof").
  - Verlies van vet onder die vel, meestal sigbaar op die gesig (veral wange), arms en bene.
  - Prominente beenare as gevolg van vetverlies onder die vel.
- Trombositopenie [lae vlakke van bloedplaatjies (stollingsagente in u bloed)]. Simptome sluit in:
  - Bloeding in die vel wat soos klein rooi- of pers kolle op die vel lyk, genaamd petegie, of kneusplekke.
  - Bloeding buite of binne u liggaam, insluitend neusbloeding of bloeiende tandvleis.
  - Bloed in u urine of ontlasting.
  - Swaar maandstonde.
- Pankreatitis (swelling van die pankreas). Simptome sluit in:
  - Maagpyn.
  - Naarheid.
  - Braking.
  - Abnormale urientoetse.
- Rabdomiolise (die afbraak van spiervesels wat aanleiding gee tot die vrystelling van spierveselinhoud in die bloedstroom). Simpome sluit in:
  - Abnormale kleur van die urine (donker, rooi, of kola-kleur).
  - Afname in urienvorming.
  - Algemene swakheid.
  - Spierstyfheid of -pyn (mialgie).
  - Spierteerheid.
  - Swakheid van die aangetaste spiere.
- Verhoogde amilasevlakke, 'n ensiem wat deur die pankreas geproduseer word wat help om voedsel in die ingewande af te breek. Simptome sluit in:
  - Erge buikpyn.
  - Aptytverlies.
  - Koors en naarheid.
- Tydelike toename in lewerensieme. Simptome sluit in:
  - Moegheid.
  - Naarheid.
  - Anoreksie.
  - Ongemak oor die lewerarea (boonste regterkantste kwadrant van die liggaam).
- Versagting van skeletbene, wat per geleentheid kan bydra tot beenbreuke.
- Nierskade of nierversaking wat die volgende simptome insluit:
  - Swakheid en kortasemheid.
  - Verwardheid.
  - Abnormale hartritme.
  - Aptytverlies.
  - Hoë bloeddruk.

Newe-effekte wat met aanvang van behandeling met **REYDIN** kan voorkom. Vertel onmiddellik vir u professionele gesondheidsorgwerker:
- IRIS (immuunheraktivering sindroom): Dit is gemeld in pasiënte wie met kombinasie antiretrovirale terapie, soos **REYDIN**, behandel word. Tydens die aanvangsfase van kombinasie antiretrovirale behandeling, mag die pasiënt se immuunstelsel respons 'n allergiese reaksie op ander infeksies ontwikkel, soos *Mycobacterium avium*-infeksie ('n infeksie wat ernstige siekte kan veroorsaak in mense met gevorderde VIGS), sitomegalovirus ('n virus), *Pneumocystis jirovecii* longontsteking (of PCP – 'n ernstige infeksie wat by mense met MIV voorkom) of tuberkulose, wat verdere evaluering en behandeling mag noodsaak. Kontak u dokter onmiddellik indien u enige van die volgende, maar nie beperk tot die volgende effekte, ervaar: koors, hoes, moeisame asemhaling, dowwe visie, pynlike sluk, swakheid en gevoelloosheid in die bene, nagswete, gewigsverlies, sere of blase in die mond.

Die volgende newe-effekte is dikwels gemeld. Kontak u professionele gesondheidsorgwerker so gou moontlik indien u enige van die volgende opmerk:
- Slaaploosheid, hoofpyne, duiseligheid, abnormale drome.
- Diarree, naarheid, braking, bobuikpyn, buikpyn, buikongemak, swelling van die buik, krampe, winderigheid, verlies aan aptyt, slegte spysvertering.
- Veluitslag, gejeuk, haarverlies.
- Moegheid, gevoel van ongemak, koors, gebrek aan energie.
- Styging in vlakke van lewerensieme (ALT en AST) in die bloed, simptome sluit moegheid in.
- Spiersteurings, pynlike gewrigte en spiere.
- Skade aan of siekte wat senuwees affekteer, wat sensasie, beweging, klier- of orgaanfunksie, of ander aspekte van gesondheid kan benadeel, afhangende van die tipe senuwee wat geaffekteer is (perifere neuropatie).

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingstuk gelys word nie, lig asseblief u professionele gesondheidsorgwerker in.

BERGING EN WEGDOENING VAN REYDIN:
Berg teen of benede 30 °C.
Hou die houer dig geslote.
Berg in die oorspronklike houer tot benodig vir gebruik.
Moenie in die badkamer stoor nie.

BERG ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK EN SIG VAN KINDERS.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.
Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

AANBIEDING VAN REYDIN:

Houers van 28: **REYDIN** word verskaf in 'n 85 cc wit HDPE bottel met 38 mm wit nie-kinderbestande deksel, wat 28 tablette en twee silikajelsakkies van 2 g elk bevat, met of sonder 'n buitenste kartonhouer.

Houers van 30: **REYDIN** word verskaf in 'n 85 cc wit HDPE bottel met 38 mm wit nie-kinderbestande deksel, wat 30 tablette en twee silikajelsakkies van 2 g elk bevat, verpak in 'n buitenste kartonhouer.

IDENTIFIKASIE VAN REYDIN:
Blou, kapsulevormige, bikonvekse filmbedekte tablet, met 'C' aan die een kant ingepers en glad aan die ander kant.

REGISTRASIENOMMER:
52/20.2.8/0451.450

NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER:
CIPLA MEDPRO (EDMS) BPK
Gebou 9, Parc du Cap,
Mispelstraat, Bellville,
7530, RSA

PUBLIKASIEDATUM:
31 Augustus 2018

Cipla

21073749

SKEDULERINGSTATUS: S4

EIENDOMSNAAM (EN DOSEERVORM):

REYDIN (Filmbedekte tablette)

SAMESTELLING:
Elke **REYDIN** filmbedekte tablet bevat:
Dolutegravir 50 mg (as dolutegravir natrium).
Lamivudien 300 mg.
Tenofovir disoproksiel 300 mg (gelykstaande aan tenofovir disoproksielfumaraat).

Onaktiewe bestanddele: natriumkroskarmellose, hidroksipropiel metielsellulose, magnesiumstearaat, mannitol, mikrokristallyne sellulose, opadry blou (wat polivinielalkohol, talk, titaandioksied, indigokarmyn, gliserolesters van vetsure, natriumlourielsulfaat en briljante blou aluminiumlak bevat), povidoon, natriumstyselglikolaat.

Bevat mannitol 145 mg (suiker).

WAARSKUWING:
LAKTAATASIDOSE EN ERGE HEPATOMEGALIE MET STEATOSE, INSLUITEND NOODLOTTIGE GEVALLE, IS GEMELD MET DIE GEBRUIK VAN NUKLEOSIED ANALOË ALLEEN OF IN KOMBINASIE MET ANDER ANTIRETROVIRALE MIDDELS (SIEN "WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"). REYDIN IS NIE AANGEDUI VIR DIE BEHANDELING VAN CHRONIESE HEPATITIS B-VIRUS (HBV) INFEKSIE NIE. DIE VEILIGHEID EN EFFEKTIWITEIT VAN REYDIN IS NIE BEPAAL IN PASIËNTE WIE TERSELFDERTYD MET HBV EN MIV GEÏNFEKTEER IS NIE. ERNSTIGE AKUTE OPFLIKKERING VAN HEPATITIS B IS GEMELD IN PASIËNTE WIE TERSELFDERTYD MET HBV EN MIV GEÏNFEKTEER IS EN OPGEHOU HET OM DIE KOMBINASIETABLET TE NEEM. LEWERFUNKSIE MOET NOUKEURIG GEMONITEER WORD, MET SOWEL KLINIESE AS LABORATORIUMOPVOLGE VIR TEN MINSTE 'N PAAR MAANDE, IN PASIËNTE WIE TERSELFDERTYD MET MIV EN HBV GEÏNFEKTEER IS EN DIE KOMBINASIETABLET GESTAAK HET. INDIEN TOEPASLIK, MAG DIT NODIG WEES OM ANTI-HEPATITIS B-TERAPIE TE BEGIN (SIEN "WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS").

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE:
A 20.2.8 – Antimikrobiese (chemoterapeutiese) medisyne. Buiten antibiotika. Antivirale middels.

FARMAKOLOGIESE WERKING:
Farmakodinamiese eienskappe:
Dolutegravir:
Dolutegravir inhibeer MIV-integrase deur aan die aktiewe setels van die integrase te bind en die stringoordrag-stap van retrovirale deoksiribonukleïensuur (DNA) integrasie te blokkeer, wat noodsaaklik is vir die MIV-replikasiesiklus. *In vitro* dissosieer dolutegravir stadig vanaf die aktiewe setel van die wilde tipe integrase-DNA-kompleks ($t_{1/2}$ 71 uur).

Weerstandigheid in vitro:
Isolasie uit die wilde tipe MIV-1: Virusse wat hoogs weerstandig is teen dolutegravir is nie tydens MIV-1 passasie waargeneem nie. Tydens wilde tipe MIV-1 passasie in die teenwoordigheid van dolutegravir, is die integrase substitusies S153Y en S153F met ≤ 4,1-voudige veranderings (FC's) vir stam IIIB, of E92Q met FC = 3,1 en G193E met FC = 3,2 vir stam NL432, waargeneem. Addisionele passasie van wilde tipe subtipe B, C en A/G virusse in die teenwoordigheid van dolutegravir, het vir R263K, G118R en S153T geselekteer.

Anti-MIV aktiwiteit teen weerstandige stamme: Omgekeerde transkriptase inhibeerder (RTI)- en protease inhibeerder (PI)-weerstandige stamme: Dolutegravir het ekwivalente kragtigheid teen 2 nie-nukleosied (NN)-RTI-weerstandige, 3 nukleosied (N)-RTI-weerstandige en 2 PI-weerstandige MIV-1 mutante klone (1 drievoudig en 1 sesvoudig) vertoon in vergelyking met die wilde tipe stam.

Integrase inhibeerder-weerstandige MIV-1 stamme: Dolutegravir het anti-MIV aktiwiteit (vatbaarheid) met < 5-voudige verandering (FC) teen 27 van 28 integrase inhibeerder-weestandige mutante virusse met enkel substitusies, insluitend T66A/I/K, E92Q/V, Y143C/H/R, Q148H/K/R en N155H getoon.

Integrase inhibeerder-weerstandige MIV-2 stamme: Setel-gerigte mutante MIV-2 virusse is gekonstrueer, gebaseer op proefpersone geïnfekteer met MIV-2 en behandel met raltegravir en wie virologiese mislukking getoon het. In die geheel was die MIV-2 FC's wat waargeneem is soortgelyk aan MIV-1 FC's wat vir soortgelyke roete mutasies waargeneem is.

Weerstandigheid in vivo:
Integrase inhibeerder-naïewe pasiënte: Geen integrase inhibeerder (INI)-weerstandige mutasies, of weerstand wat tydens behandeling te voorskyn kom teen die NRTI ruggraat terapie is met dolutegravir 50 mg een keer daagliks in behandeling-naïewe studies geïsoleer nie.

Effek op nierfunksie:
Die effek van dolutegravir op serum kreatinienopruiming (CrCl), glomerulêre filtrasietempo (GFR) met ioheksol as die peiler en effektiewe renale plasmavloei (ERPV) met para-aminohippuraat (PAH) as die peiler is geëvalueer. 'n Klein afname van 10 – 14 % in die gemiddelde serum kreatinienopruiming (CrCl) is binne die eerste week van behandeling met dolutegravir waargeneem. Dolutegravir het geen beduidende uitwerking op glomerulêre filtrasietempo (GFR) of die effektiewe renale plasmavloei (ERPV) nie. *In vitro* studies dui daarop dat die styging in kreatinien wat in kliniese studies waargeneem is, 'n gevolg van die nie-patologiese onderdrukking van die organiese katioontransporteerder 2 (OCT2) in die proksimale nierbuisies, wat die tubulêre sekresie van kreatinien bemiddel.

Lamivudien:
Lamivudien, 'n nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerder (NRTI), is 'n selektiewe inhibeerder van MIV-1 en MIV-2 replikasie *in vitro*. Lamivudien word intrasellulêr na die 5'-trifosfaat gemetaboliseer, wat 'n intrasellulêre halfleeftyd van 16 – 19 uur het. Lamivudien-5'-trifosfaat is 'n swak inhibeerder van die RNA- en DNA-afhanklike aktiwiteite van MIV omgekeerde transkriptase; dit werk deur die ketting van MIV omgekeerde transkripsie te termineer.

Verminderde *in vitro* sensitiwiteit vir lamivudien is gemeld vir MIV-isolate uit pasiënte wie lamivudienterapie ontvang het. Lamivudien-weerstandige MIV-1 mutante is kruisweerstandig vir didanosien en salsitabien. By sommige pasiënte wie met sidovudien plus didanosien of salsitabien behandel is, het isolate wat weerstandig is teen veelvuldige omgekeerde transkriptase inhibeerders, insluitende lamivudien, ontwikkel.

Lamivudien meng nie in met sellulêre deoksinukleotied metabolisme nie en het weinige effek op die soogdiersel en mitochondriale DNA-inhoud.

Tenofovir:
Tenofovir disoproksielfumaraat is 'n asikliese nukleosiedfosfonaat diëster-analoog van adenosienmonofosfaat en word *in vivo* na tenofovir omgeskakel. Dit is 'n nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerder.

Tenofovir word deur sellulêre ensieme gefosforileer om tenofovirdifosfaat te vorm. Tenofovirdifosfaat inhibeer die aktiwiteit van MIV-1 omgekeerde transkriptase deur met die natuurlike substraat deoksiadenosien-5'-trifosfaat te kompeteer en, na inbouing in DNA, deur terminasie van die DNA-ketting. Tenofovirdifosfaat inhibeer soogdier DNA-polimerase α, β, en mitochondriale DNA-polimerase γ swak.

Medisyneweerstandigheid:
MIV-1 isolate met verminderde vatbaarheid vir tenofovir is *in vitro* geselekteer en 'n K65R-mutasie in omgekeerde transkriptase is *in vitro* geselekteer en, by sommige pasiënte, met tenofovir in kombinasie met sekere antiretrovirale medisyne behandel. By behandeling-naïewe pasiënte wie met tenofovir + lamivudien + efavirens behandel is, het virale isolate van 17 % van pasiënte met virologiese mislukking verminderde vatbaarheid vir tenofovir getoon.

By behandeling-ervare pasiënte, het sommige van die pasiënte wie met tenofovir behandel is en waar virologiese mislukking deur week 96 voorgekom het, verminderde vatbaarheid vir tenofovir getoon. Genotipiese analise van die weerstandige isolate het 'n mutasie in die MIV-1 omgekeerde transkriptase geen getoon wat tot die K65R aminosuur substitusie lei.

Kruisweerstandigheid:
Kruisweerstandigheid tussen sekere omgekeerde transkriptase inhibeerders is bekend. Die K65R-mutasie kan ook deur abakavir, didanosien of salsitabien geselekteer word en lei tot verlaagde vatbaarheid vir hierdie medisyne plus lamivudien, emtrisitabien en tenofovir. Tenofovir disoproksielfumaraat moet vermy word in pasiënte met vorige antiretrovirale ervaring met stamme wat die K65R-mutasie huisves. Pasiënte met MIV-1 wat drie of meer timidien-analoog geassosieerde mutasies (TAMs) uitdruk wat óf die M41L óf L210W omgekeerde transkriptase mutasie ingesluit het, het verlaagde vatbaarheid vir tenofovir disoproksielfumaraat getoon.

Antivirale aktiwiteit:
Die *in vitro* antivirale aktiwiteit van tenofovir teen laboratorium- en kliniese isolate van MIV-1 is geassesseer in limfoblastoïede sellyne, primêre monosiet / makrofaagselle en perifere bloed limfosiete. Die IK_{50} (50 % inhibitoriese konsentrasie) waardes vir tenofovir was in die reikwydte van 0,04 μM – 8,5 μM. In medisyne kombinasiestudies van tenofovir met nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerders (abakavir, didanosien, lamivudien, stavudien, salsitabien, sidovudien), nie-nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerders (delavirdien, efavirens, nevirapien), en protease inhibeerders (amprenavir, indinavir, nelfinavir, ritonavir, sakinavir), is additiewe tot sinergistiese effekte waargeneem. Tenofovir het antivirale aktiwiteit *in vitro* teen MIV-1 klades A, B, C, D, E, F, G en O vertoon (IK_{50}-waardes het gewissel van 0,5 μM tot 2,2 μM). Die IK_{50}-waardes van tenofovir teen MIV-2 het gewissel van 1,6 μM tot 4,9 μM.

Farmakokinetiese eienskappe:
Dolutegravir:
Dolutegravir farmakokinetika is soortgelyk tussen gesonde en MIV-geïnfekteerde proefpersone. Die PK veranderlikheid van dolutegravir is laag tot matig. In Fase 1 studies in gesonde proefpersone, het tussen-proefpersoon CVb % vir AOK en C_{maks} oor studies gewissel van -20 tot 40 % en C_T van 30 tot 56 %. Die tussen-proefpersoon PK veranderlikheid van dolutegravir was hoër in MIV-geïnfekteerde proefpersone as gesonde proefpersone. Binne-proefpersoon veranderlikheid (CVw %) is laer as tussen-proefpersoon veranderlikheid.

Absorpsie:
Na orale toediening van dolutegravir, is piek plasmakonsentrasies 2 tot 3 uur na die dosering waargeneem. Met eenmaal daaglikse dosering word farmakokinetiese ewewigstoestand binne ongeveer 5 dae bereik met gemiddelde akkumulasie verhoudings vir AOK, C_{maks} en C_{24h} wat wissel van 1,2 tot 1,5.

Dolutegravir plasmakonsentrasies het op 'n minder as dosis-proporsionele wyse bo 50 mg toegeneem. Dolutegravir is 'n Pgp substraat *in vitro*. Die absolute biobeskikbaarheid van dolutegravir is nie vasgestel nie.

Dolutegravir mag met of sonder voedsel toegedien word. Voedsel het die mate van absorpsie verhoog en die tempo van absorpsie van dolutegravir vertraag. Biobeskikbaarheid van dolutegravir hang van die maaltyd inhoud af: lae-, matige- en hoë-vet maaltye verhoog die dolutegravir $AOK_{(0-\infty)}$ met 33 %, 41 % en 66 %, verhoog C_{maks} met 46 %, 52 % en 67 % en verleng T_{maks} tot 3, 4, en 5 uur vanaf 2 uur onder vastende toestande, onderskeidelik. Hierdie verhogings is nie klinies beduidend nie.

Verspreiding:
Dolutegravir is hoogs gebonde (groter as of gelyk aan 98,9 %) aan menslike plasmaproteïene gebaseer op *in vivo* data en binding is onafhanklik van plasmakonsentrasie van dolutegravir. Die oënskynlike volume van verspreiding (Vd/F) na 50 mg eenmaal daaglikse toediening word beraam as 17,4 L gebaseer op 'n populasie farmakokinetiese analise. Binding van dolutegravir aan plasmaproteïene is onafhanklik van die konsentrasie. Totale bloed en plasma geneesmiddelverwante radioaktiwiteit konsentrasie verhoudings was gemiddeld tussen 0,441 tot 0,535, wat minimale assosiasie van radioaktiwiteit met sellulêre komponente van die bloed aandui. Dit word beraam dat die vrye fraksie dolutegravir in plasma ongeveer 0,2 tot 1,1 % in gesonde proefpersone met matige hepatiese inkorting is, en 0,8 tot 1,0 % in persone met erge renale inkorting en 0,5 % by MIV-1-geïnfekteerde pasiënte. Dolutegravir is teenwoordig in serebrospinale vloeistof (SSV). In 12 behandeling-naïewe proefpersone op dolutegravir 50 mg daagliks plus abakavir/lamivudien, was die mediaan dolutegravir konsentrasie in SSV 13,2 ng/mL (reeks: 3,74 ng/mL tot 18,3 ng/mL) 2 tot 6 uur na-dosis na 16 weke van behandeling. Die kliniese belang van hierdie bevinding is nie vasgestel nie.

Metabolisme:
Dolutegravir word hoofsaaklik via UGT1A1 gemetaboliseer, met 'n bydrae van CYP3A. Dolutegravir is die vernaamste sirkulerende verbinding in plasma. Na 'n enkele orale dosering van [^{14}C] dolutegravir is 53 % van die totale orale dosis onveranderd in die feses uitgeskei. Dit is onbekend of dit geheel of gedeeltelik weens ongeabsorbeerde medisyne of biliêre ekskresie van die glukuronidaat konjugaat is, wat verder afgebreek kan word om die moederverbinding in die lumen van die derm te vorm. Een-en-dertig persent van die totale orale dosis word in die urine uitgeskei, en word verteenwoordig deur 'n eterglukuronied van dolutegravir (18,9 % van die totale dosis), N-dealkileringsmetaboliet (3,6 % van die totale dosis) en 'n metaboliet wat gevorm word deur oksidasie by die bensiel koolstofatoom (3,0 % van die totale dosis). Renale eliminasie van onveranderde geneesmiddel was laag (minder as 1 % van die dosis).

Eliminasie:
Dolutegravir het 'n terminale halfleeftyd van ~14 uur en 'n oënskynlike orale opruiming (CL/F) van 1,0 L per uur gebaseer op populasie farmakokinetiese analise.

Spesiale populasies:
Adolessente:
Die farmakokinetika van dolutegravir by 10 antiretrovirale behandeling-ervare MIV-1 geïnfekteerde adolessente (12 tot 18 jaar oud) het getoon dat dolutegravir 50 mg eenmaal daaglikse dosering tot 'n dolutegravir blootstelling gelei het wat vergelykbaar is met dit wat waargeneem is by volwassenes wie dolutegravir 50 mg eenmaal daagliks ontvang het.

Adolessent farmakokinetiese parameters:

Ouderdom / gewig	Dolutegravir dosis	Geometriese gemiddeld van beramings van dolutegravir farmakokinetiese parameters (CV %)		
		$AOK_{(0-24)}$ μg.h/mL	C_{maks} μg/mL	C_{24} μg/mL
12 tot < 18 jaar ≥ 40 kg[a]	50 mg een keer daagliks[a]	46 (43)	3,49 (38)	0,90 (59)

[a]Een proefpersoon wie 37 kg weeg het 35 mg een keer per dag ontvang.

Bejaardes:
Populasie farmakokinetiese analise van dolutegravir met data van MIV-1 geïnfekteerde volwassenes het getoon dat daar geen klinies relevante effek van ouderdom op dolutegravir blootstelling is nie. Farmakokinetiese data vir dolutegravir in proefpersone > 65-jarige ouderdom is beperk.

Renale inkorting:
Renale opruiming van die onveranderde medisyne is 'n mindere weg van eliminasie vir dolutegravir. 'n Studie van die farmakokinetika van dolutegravir is uitgevoer in proefpersone met erge renale inkorting (CLcr < 30 mL/min). Geen klinies belangrike farmakokinetiese verskille is tussen persone met erge renale inkorting (CLcr < 30 mL/min) en ooreenstemmende gesonde persone waargeneem nie. AOK, C_{maks} en C_{24} van dolutegravir is met 40 %, 23 % en 43 % onderskeidelik verlaag, in vergelyking met ooreenstemmende gesonde persone. Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met ingekorte nierfunksie nie. Dolutegravir is nie in pasiënte op dialise bestudeer nie, alhoewel verskille in blootstelling nie verwag word nie.

Hepatiese inkorting:
Dolutegravir word hoofsaaklik deur die lewer gemetaboliseer en geëlimineer. In 'n studie wat 8 proefpersone met matige hepatiese inkorting (Child-Pugh kategorie B telling 7 tot 9) met 8 ooreenstemmende gesonde volwasse kontrolepersone vergelyk het, was die dolutegravir blootstelling na 'n 50 mg enkeldosis soortgelyk tussen die twee groepe. Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met geringe tot matige hepatiese inkorting nie. Die effek van erge hepatiese inkorting op die farmakokinetika van dolutegravir is nie bestudeer nie.

Polimorfismes in metaboliserende ensieme:
Daar is geen bewyse dat algemene polimorfismes in metaboliserende ensieme die farmakokinetika van dolutegravir tot 'n klinies beduidende mate wysig nie. In 'n meta-analise wat farmakogenomika monsters versamel in kliniese studies in gesonde proefpersone gebruik het, het persone met UGT1A1 (n = 7) genotipes, wat swak dolutegravir metabolisme oordra, 'n 32 % laer opruiming van dolutegravir en 46 % hoër AOK gehad vergeleke met persone met genotipes wat geassosieer word met normale metabolisme via UGT1A1 (n = 41). Polimorfismes in CYP3A4, CYP3A5 en NR1I2 word nie met verskille in die farmakokinetika van dolutegravir geassosieer nie.

Gesamentlike infeksie met hepatitis B of C:
Populasie farmakokinetiese analise toon dat gesamentlike infeksie met hepatitis C-virus geen klinies relevante effek op die blootstelling aan dolutegravir het nie. Daar is beperkte data vir pasiënte met hepatitis B gesamentlike infeksie.

Lamivudien:
Absorpsie:
Ná orale toediening word lamivudien vinnig geabsorbeer en ekstensief versprei. Absolute biobeskikbaarheid in 12 volwasse proefpersone was 86 % ± 16 % (gemiddeld ± SD) vir die 150 mg tablet en 87 % ± 13 % vir die orale oplossing. Ná orale toediening van 2 mg/kg twee keer per dag aan 9 volwassenes met MIV-1, was die piek serum lamivudienkonsentrasie (C_{maks}) 1,5 ± 0,5 μg/mL (gemiddeld ± SD). Die area onder die plasmakonsentrasie teenoor tyd kurwe (AOK) en C_{maks} het toegeneem in verhouding met die orale dosis oor die reeks van 0,25 tot 10 mg/kg. Die akkumulasie verhouding van lamivudien by MIV-1 positiewe asimptomatiese volwassenes met normale nierfunksie was 1,50 na 15 dae van orale toediening van 2 mg/kg twee keer per dag. Die gemiddelde tyd (T_{maks}) tot maksimum serumkonsentrasie (C_{maks}) is ongeveer 'n uur.

Effek van voedsel op orale absorpsie:
Lamivudien tablette en orale oplossing kan met of sonder voedsel toegedien word. 'n 25 mg lamivudien navorsingsdoseervorm is oraal toegedien aan 12 asimptomatiese, MIV-1-geïnfekteerde proefpersone by 2 geleenthede, een keer in die vastende toestand en een keer met voedsel (1,099 kcal, 75 g vet, 34 g proteïen, 72 g koolhidrate). Absorpsie van lamivudien was stadiger met voedsel (T_{maks}: 3,2 ± 1,3 uur) in vergelyking met die vastende toestand (T_{maks}: 0,9 ± 0,3 uur); C_{maks} met voedsel was 40 % ± 23 % (gemiddeld ± SD) laer as in die vastende toestand. Daar was geen beduidende verskil in sistemiese blootstelling (AOK_{∞}) met voedsel of in die vastende toestand nie.

Verspreiding:
Die skynbare volume van verspreiding na IV toediening van lamivudien aan 20 proefpersone was 1,3 ± 0,4 L/kg, wat daarop dui dat lamivudien in ekstravaskulêre ruimtes versprei word. Volume van verspreiding was onafhanklik van dosis en het nie met liggaamsgewig verband gehou nie.

Binding van lamivudien aan menslike plasmaproteïene is laag (minder as 36 %). *In vitro* studies het getoon dat die hoeveelheid lamivudien wat geassosieer is met eritrosiete tussen 53 % en 57 % gewissel het oor die konsentrasiereeks van 0,1 tot 100 μg/mL en onafhanklik was van konsentrasie.

Metabolisme:
Metabolisme van lamivudien is 'n mindere roete van eliminasie. In die mens is die enigste bekende metaboliet van lamivudien die trans-sulfoksied metaboliet (ongeveer 5 % van 'n orale dosis na 12 uur). Serumkonsentrasies van hierdie metaboliet is nie bepaal nie. Lamivudien word nie beduidend deur CYP450 ensieme gemetaboliseer nie.

Eliminasie:
Die meerderheid lamivudien word onveranderd in urine geëlimineer deur aktiewe organiese kationiese sekresie. In 9 gesonde proefpersone wat 'n enkele 300 mg orale dosis lamivudien ontvang het, was renale opruiming 199,7 ± 56,9 mL/min (gemiddeld ± SD). In 20 MIV-1 geïnfekteerde proefpersone wat 'n enkele IV dosis ontvang het, was renale opruiming 280,4 ± 75,2 mL/min (gemiddeld ± SD), wat 71 % ± 16 % (gemiddeld ± SD) van totale opruiming van lamivudien verteenwoordig.

In meeste enkeldosis proewe in MIV-1 geïnfekteerde persone, HBV-geïnfekteerde persone of gesonde proefpersone met serum monsterneming vir 24 uur na dosering, het die waargenome gemiddelde eliminasie halfleeftyd (t½) van 5 tot 7 uur gewissel. In MIV-1 geïnfekteerde persone was totale opruiming 398,5 ± 69,1 mL/min (gemiddeld ± SD). Orale opruiming en eliminasie halfleeftyd was onafhanklik van dosis en liggaamsgewig oor 'n mondelinge doseringsreeks van 0,25 tot 10 mg/kg.

Geen dosisaanpassing is nodig wanneer dit saam met voedsel toegedien word nie, aangesien lamivudien biobeskikbaarheid onveranderd bly, alhoewel 'n vertraging in T_{maks} en verlaging in C_{maks} waargeneem is. Lamivudien vertoon lineêre farmakokinetika oor die terapeutiese dosisreikwydte en vertoon beperkte binding aan albumien, die belangrikste plasmaproteïen. Eliminasie van lamivudien sal deur ingekorte nierfunksie beïnvloed word.

Gepaardgaande toediening met sidovudien lei tot 'n 13 % toename in sidovudien blootstelling en 'n 28 % toename in piek plasmavlakke. Geen dosisaanpassings is nodig nie, aangesien daar nie gereken word dat dit pasiëntveiligheid beïnvloed nie. Die waarskynlikheid van ongunstige interaksies tussen geneesmiddels en lamivudien is laag weens die beperkte metabolisme en plasmaproteïenbinding en feitlik volledige renale opruiming.

'n Interaksie met trimetoprim, 'n bestanddeel van ko-trimoksasool, veroorsaak 'n 40 % toename in lamivudien blootstelling teen terapeutiese dosisse. Dit vereis nie 'n aanpassing in dosering nie, tensy die pasiënt ook renale inkorting het. Die toediening van ko-trimoksasool met die 3TC/sidovudien kombinasie in pasiënte met renale inkorting moet versigtig geassesseer word. Daar is beperkte data wat dui dat lamivudien die sentrale senuweestelsel penetreer en die serebrospinale vog (SSV) bereik. Die gemiddelde verhouding van SSV / serum lamivudien konsentrasie 2 – 4 uur na orale toediening is ongeveer 0,12. Die volle mate van penetrasie of die verband wat dit met kliniese effektiwiteit het, is onbekend.

Spesiale bevolkings:
Farmakokinetika in kinders:
Oor die algemeen is die farmakokinetika van lamivudien in pediatriese pasiënte soortgelyk aan volwassenes. Die absolute biobeskikbaarheid (ongeveer 55 – 65 %) is egter verminder in pediatriese pasiënte jonger as 12 jaar. Daarbenewens was die sistemiese opruimingswaardes groter by jonger pediatriese pasiënte en verminder met ouderdom en bereik volwasse waardes rondom 12-jarige ouderdom. Onlangse bevindinge dui dat blootstelling in kinders 2 tot < 6 jaar oud met ongeveer 30 % verminder kan word in vergelyking met ander farmakokinetiese data vir pasiënte < 3 maande oud. By neonate wat een week oud was, was lamivudien mondelinge opruiming verminder in vergelyking met pediatriese pasiënte en is waarskynlik weens onvolwasse nierfunksie en veranderlike absorpsie.

Farmakokinetika tydens swangerskap:
Ná orale toediening was die farmakokinetika van lamivudien in laat-swangerskap soortgelyk aan nie-swanger volwassenes. Toediening van lamivudien in diere toksisiteitstudies teen baie hoë dosisse was nie geassosieer met enige groot orgaan-toksisiteit nie. Die klinies relevante effekte wat waargeneem word, was 'n afname in rooibloedseltelling en neutropenie. Lamivudien was nie mutagenies in bakteriële toetse nie, maar het, soos baie nukleosied analoë, aktiwiteit getoon in 'n *in vitro* sitogeniese toets.

Lamivudien was nie genotoksies *in vivo* teen dosisse wat plasma konsentrasies ongeveer 30 – 40 keer hoër as die verwagte kliniese plasmavlakke, gegee het nie. Aangesien die *in vitro* mutagene aktiwiteit van lamivudien nie in *in vivo* toetse bevestig kon word nie, word die gevolgtrekking gemaak dat lamivudien nie 'n genotoksiese gevaar vir pasiënte wie behandeling ondergaan, inhou nie. Daar is tans geen inligting oor die tumorigene risiko in diere nie, en derhalwe moet enige potensiële risiko vir mense opgeweeg word teen die verwagte voordele van behandeling.

Tenofovir disoproksielfumaraat:
Die farmakokinetika van tenofovir disoproksielfumaraat is in gesonde vrywilligers en individue wat met MIV-1 geïnfekteer is, geëvalueer. Die famakokinetiese eienskappe van tenofovir is soortgelyk by hierdie populasies.

Absorpsie:
Tenofovir disoproksielfumaraat is 'n wateroplosbare diëster voorganger-geneesmiddel van die aktiewe bestanddeel tenofovir. Die orale biobeskikbaarheid van tenofovir vanaf tenofovir disoproksielfumaraat by vastende pasiënte is ongeveer 25 %. Ná orale toediening van 'n enkele 300 mg dosis van tenofovir disoproksielfumaraat aan MIV-1 geïnfekteerde proefpersone in die vastende toestand, is maksimum serumkonsentrasies (C_{maks}) binne 1,0 ± 0,4 uur (gemiddeld ± SD) bereik, en C_{maks} en AOK-waardes was 0,30 ± 0,09 μg/mL en 2,29 ± 0,69 μg•hr/mL, onderskeidelik. Die farmakokinetika van tenofovir is dosis-proporsioneel oor 'n doseringsreikwydte van 75 tot 600 mg en word nie deur herhaalde dosering beïnvloed nie.

In 'n enkel-dosis bioekwivalensie studie wat onder nie-vastende toestande uitgevoer was (dosis toegedien met 113,4 g appelsous) in gesonde volwasse vrywilligers, was die gemiddelde C_{maks} van tenofovir 26 % laer vir die orale poeier relatief tot die tabletformulering. Gemiddelde AOK van tenofovir was soortgelyk tussen die orale poeier- en tabletformulerings.

Effek van voedsel op orale absorpsie:
Toediening van tenofovir na 'n hoë-vet maaltyd (~700 tot 1000 kcal, bevattende 40 % tot 50 % vet) verhoog die orale biobeskikbaarheid, met 'n toename in tenofovir $AOK_{0-\infty}$ van ongeveer 40 % en 'n toename in C_{maks} van ongeveer 14 %. Vergeleke met toediening onder vastende toestande, het toediening van tenofovir met 'n ligte maaltyd egter nie 'n beduidende effek op die famakokinetika van tenofovir gehad nie. Voedsel vertraag die tyd tot tenofovir C_{maks} met ongeveer 1 uur. C_{maks} en AOK van tenofovir is 0,33 ± 0,12 μg/mL en 3,32 ± 1,37 μg•hr/mL na veelvoudige dosisse van tenofovir disoproksiel 300 mg een keer daagliks met voedsel, wanneer die maaltyd inhoud nie beheer was nie.

Verspreiding:
In vitro binding van tenofovir aan menslike plasmaproteïene is minder as 0,7 % en 7,2 %, onderskeidelik, oor die tenofovir konsentrasiereikwydte van 0,01 – 25 μg/mL. Die volume van verspreiding by ewewigstoestand is 1,3 ± 0,6 L/kg en 1,2 ± 0,4 L/kg ná intraveneuse toediening van 1,0 mg/kg en 3,0 mg/kg tenofovir.

Metabolisme:
In vitro studies dui aan dat nie tenofovir disoproksiel of tenofovir substrate van CYP450-ensieme is nie. Ná IV-toediening van tenofovir word ongeveer 70 – 80 % van die dosis in die urine herwin as onveranderde tenofovir, binne 72 uur na dosering. Na orale toediening van 'n enkele dosis tenofovir is die terminale eliminasie halfleeftyd van tenofovir ongeveer 17 uur. Na veelvoudige orale dosisse tenofovir 300 mg een keer daagliks (onder gevoede toestande), word 32 ± 10 % van die toegediende dosis oor 24 uur in die urine herwin.

Eliminasie:
Tenofovir word deur 'n kombinasie van glomerulêre filtrasie en aktiewe tubulêre sekresie geëlimineer. Daar mag kompetisie vir eliminasie wees met ander verbindings wat ook deur die niere uitgeskei word.

Spesiale populasies:
Pediatriese en bejaarde pasiënte:
Farmakokinetiese studies is nie in kinders (< 18 jaar) of bejaardes (> 65 jaar) uitgevoer nie.

Hepatiese inkorting:
Die farmakokinetiese eienskappe van tenofovir na 'n enkele 300 mg dosis is geëvalueer in nie-MIV-geïnfekteerde pasiënte met matige tot ernstige hepatiese inkorting. Daar was geen wesenlike veranderinge in die farmakokinetika van tenofovir in pasiënte met hepatiese inkorting in vergelyking met nie-ingekorte pasiënte nie. Dit is nie nodig om die dosering van tenofovir te verander in pasiënte met ingekorte lewerfunksie nie.

Renale inkorting:
Die farmakokinetiese eienskappe van tenofovir is gewysig in pasiënte met renale inkorting. In pasiënte met kreatinienopruiming < 50 mL/min of met eindstadium niersiekte (ESNS) wat dialise benodig, is C_{maks} en $AOK_{0-\infty}$ van tenofovir verhoog. Dit word aanbeveel dat die doseringsinterval vir tenofovir aangepas word in pasiënte met kreatinienopruiming < 50 mL/min of in pasiënte met ESNS wie dialise benodig (sien **"DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS"**). Tenofovir word effektief deur hemodialise verwyder, met 'n ekstraksie koëffisiënt van ongeveer 54 %. Ná 'n enkele 300 mg dosis tenofovir het 'n vier-uur hemodialise sessie ongeveer 10 % van die toegediende tenofovir dosis verwyder.

INDIKASIES:
REYDIN is aangedui vir die behandeling van MIV-1-infeksie in volwassenes van 18 jaar en ouer.

KONTRA-INDIKASIES:
REYDIN is teenaangedui in:
- Pasiënte met bekende hipersensitiwiteit vir dolutegravir, lamivudien, tenofovir disoproksielfumaraat of enige van die bestanddele van **REYDIN**.
- Onbeheerde nierversaking (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).
- Swangerskap en laktasie (sien **"MENSLIKE REPRODUKSIE"**).
- Vroue in hulle vrugbare jare wie nie hoogs effektiewe voorbehoeding gebruik nie.
- Gepaardgaande gebruik met adefovir dipivoksiel.
- Gepaardgaande toediening met dofetilied en pilsikaïnied.
- Gepaardgaande toediening met didanosien.
- Gepaardgaande toediening with metformien.
- Pasiënte jonger as 18-jarige ouderdom.
- Matige en erge hepatiese inkorting.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:
Veiligheid en effektiwiteit van die individuele aktiewe bestanddele in verskeie antiretrovirale kombinasie regimens met soortgelyke doserings as bevat in **REYDIN** is vasgestel in kliniese studies vir die behandeling van MIV-pasiënte. Veiligheid en effektiwiteit van die vaste-geneesmiddel kombinasie, soos in **REYDIN**, vir die behandeling van MIV is egter nie in kliniese studies bepaal nie. Die volledige professionele inligting van die ander medisyne wat in kombinasie gebruik word, moet geraadpleeg word voordat terapie begin word.

Metaboliese abnormaliteite:
Kombinasie antiretrovirale terapie, insluitende **REYDIN**, is met metaboliese abnormaliteite soos hipertrigliseridemie, hipercholesterolemie, insulien weerstandigheid, hiperglisemie en hiperlaktatemie geassosieer.

Lipodistrofie:
Kombinasie antiretrovirale terapie, insluitende **REYDIN**, is ook met die herverspreiding / akkumulasie van liggaamsvet, insluitende sentrale obesiteit, dorsoservikale vetvergroting (buffelskof), perifere uittering, uittering van die gesig en borsvergroting by MIV-pasiënte geassosieer.

'n Hoër risiko vir lipodistrofie is geassosieer met individuele faktore soos hoër ouderdom, en met medisyne-verwante faktore soos 'n langer duur van antiretrovirale behandeling en geassosieerde metaboliese steurings. Kliniese ondersoeke behoort evaluasie vir fisieke tekens van vet herverspreiding in te sluit. Vastende serumlipiede en bloedglukosevlakke moet gemoniteer word. Lipiedversteurings moet klinies toepaslik hanteer word. Pasiënte met tekens van lipodistrofie moet deeglik vir kardiovaskulêre risiko geassesseer word.

Immuunheraktivering inflammatoriese sindroom:
Immuunheraktivering inflammatoriese sindroom (IRIS) is 'n immunopatologiese respons weens die vinnige herstel van patogeen-spesifieke immuunresponse op voorafbestaande antigene gekombineer met immuundisregulering, wat kort na aanvang van behandeling met kombinasie antiretrovirale terapie (cART) voorkom. So 'n reaksie presenteer tipies deur paradoksale agteruitgang van opportunistiese infeksies wat behandel word of deur ontbloting van 'n asimptomatiese opportunistiese siekte, dikwels met 'n atipiese inflammatoriese presentering. IRIS ontwikkel gewoonlik binne die eerste drie maande na aanvang van ART en kom meer dikwels voor in pasiënte met 'n lae CD4-telling. Algemene voorbeelde van IRIS reaksies op opportunistiese siektes is tuberkulose, atipiese mikobakteriële infeksies, sitomegalovirus retinitis, *Pneumocystis jirovecii* en kriptokokkale meningitis.

Toepaslike behandeling van die opportunistiese siekte moet ingestel of volgehou word en ART moet voortgesit word. Inflammatoriese manifestasies neem gewoonlik na 'n paar weke af. Erge gevalle mag op glukokortikoïede reageer, maar daar is slegs beperkte bewyse hiervan in pasiënte met tuberkulose IRIS. Outoïmmuunversteurings (soos Graves se siekte, Guillain-Barre-sindroom, polimiositis) is ook as IRIS reaksies gemeld; die aangemelde tyd tot aanvang is egter meer veranderlik en hierdie voorvalle kan baie maande na aanvang van behandeling voorkom.

Osteonekrose:
Alhoewel gereken word dat die etiologie multifaktoriaal is (insluitend gebruik van kortikosteroïede, alkoholgebruik, erge immuunonderdrukking, hoër liggaamsmassa indeks), is gevalle van osteonekrose gemeld, veral in pasiënte met gevorderde MIV-siekte en/of langtermyn blootstelling aan kombinasie antiretrovirale terapie (cART), insluitende die komponente van **REYDIN**. Pasiënte moet aangeraai word om mediese advies te verkry indien hulle seer of pynlike gewrigte, gewrigstyfheid of moeilike beweging ervaar.

Opportunistiese infeksies:
Pasiënte wie **REYDIN** ontvang kan steeds opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-infeksie ontwikkel, en moet gevolglik onder noukeurige kliniese waarneming deur dokters wat ervare is in die behandeling van pasiënte met MIV-geassosieerde siekte, bly.

Die risiko vir MIV oordrag na ander:
Pasiënte moet ingelig word dat behandeling met **REYDIN** nie bewys is om die risiko vir oordrag van MIV aan ander deur seksuele kontak of bloedkontaminasie te voorkom nie. Toepaslike voorsorgmaatreëls moet steeds getref word.

Laktaatasidose / erge hepatomegalie met steatose:
Laktaatasidose, gewoonlik geassosieer met hepatiese steatose, insluitend noodlottige gevalle, is met die gebruik van nukleosied analoë, soos in **REYDIN**, gemeld. Vroeë simptome (simptomatiese hiperlaktatemie) sluit benigne simptome van die verteringstelsel (naarheid, braking en abdominale pyn), nie-spesifieke malaise, aptytverlies, gewigsverlies, respiratoriese simptome (vinnige en/of diep asemhaling) of neurologiese simptome (insluitende motoriese swakheid) in. Laktaatasidose het 'n hoë sterftesyfer en mag met pankreatitis, lewerversaking of nierversaking gepaardgaan.

Laktaatasidose kom gewoonlik na 'n paar of verskeie maande van behandeling voor. Behandeling met nukleosied analoë moet gestaak word in die opset van simptomatiese hiperlaktatemie en metaboliese- / laktaatasidose, progressiewe hepatomegalie, of aminotransferase vlakke wat vinnig styg.

Verdagte biochemiese kenmerke sluit matig verhoogde transaminasevlakke, verhoogde laktaatdehidrogenase (LDH) en/of kreatienkinase in. In pasiënte met verdagte simptome of biochemie, moet die veneuse laktaatvlak (normaal < 2 mmol/L) gemeet en soos volg opgetree word:
- Laktaat 2 – 5 mmol/L: monitor gereeld en wees op die uitkyk vir kliniese tekens.
- Laktaat 5 – 10 mmol/L sonder simptome: monitor noukeurig.
- Laktaat 5 – 10 mmol/L met simptome: STOP alle terapie. Sluit ander oorsake uit (bv. sepsis, uremie, diabetiese ketoasidose, tirotoksikose, limfoom).
- Laktaat > 10 mmol/L: STOP alle terapie (80 % mortaliteit in gevallestudies).

Bogenoemde laktaatwaardes is nie noodwendig van toepassing op pediatriese pasiënte nie.

Diagnose van laktaatasidose word bevestig deur metaboliese asidose met 'n vergrote anioongaping en verhoogde laktaatvlak aan te dui. Terapie moet gestaak word by enige asidotiese pasiënt met 'n verhoogde laktaatvlak.

Laktaatasidose en erge hepatomegalie met steatose, insluitend noodlottige gevalle, is met die gebruik van **REYDIN** alleen of in kombinasie, in die behandeling van MIV-infeksie gemeld. Die meeste van hierdie gevalle het by vroue voorgekom. Sorg moet geneem word wanneer **REYDIN** aan pasiënte met bekende risikofaktore vir lewersiekte toegedien word.

Behandeling met **REYDIN** moet onderbreek word in enige pasiënt wie kliniese- of laboratoriumbevindings ontwikkel wat op laktaatasidose of hepatotoksisiteit mag dui. Sorg moet geneem word wanneer nukleosied analoë, soos in **REYDIN**, aan enige pasiënt (veral vetsugtige vroue) met hepatomegalie, hepatitis of ander bekende risikofaktore vir lewersiekte en hepatiese steatose (insluitende sekere medisyne en alkohol) toegedien word. Pasiënte met gepaardgaande hepatitis C-infeksie en wie behandel word met alfa-interferon en ribavirien mag veral 'n risiko hê. Pasiënte met 'n verhoogde risiko moet noukeurig opgevolg word. Gevalle is egter ook gemeld in pasiënte met geen bekende risikofaktore nie.

Pasiënte met 'n verhoogde risiko moet noukeurig opgevolg word. Daar is geen studieresultate wat die effek van **REYDIN** op die kliniese progressie van MIV-1 demonstreer nie.

Mitochondriale disfunksie:
Daar is *in vitro* en *in vivo* getoon dat nukleosied- en nukleotied analoë, soos bevat in **REYDIN**, 'n variërende graad van skade aan mitochondria aanrig. Daar was verslae van mitochondriale disfunksie by MIV-negatiewe babas wat *in utero* en/of nageboortelik aan nukleosied analoë blootgestel is. Die belangrikste ongunstige effekte wat gemeld is, is hematologiese versteurings (anemie, neutropenie) en metaboliese versteurings (hiperlaktatemie, hiperlipidemie). Hierdie effekte is gewoonlik van verbygaande aard. Sommige laat-aanvang neurologiese versteurings is gemeld (hipertonie, konvulsies, abnormale gedrag). Dit is onbekend of hierdie neurologiese versteurings verbygaande of permanent is. Enige fetus wat *in utero* aan nukleosied- en nukleotied analoë blootgestel is, insluitend MIV-negatiewe kinders, moet klinies en met laboratoriumtoetse opgevolg word en moet ten volle ondersoek word vir moontlike mitochondriale disfunksie in geval van relevante tekens of simptome.

Pankreatitis:
Pankreatitis is by sommige pasiënte waargeneem wie lamivudien, soos in **REYDIN**, ontvang. Dit is nie duidelik of dit weens lamivudien of die onderliggende MIV-siekte is nie. Pankreatitis moet oorweeg word wanneer 'n pasiënt buikpyn, naarheid, braking of verhoogde biochemiese merkers ontwikkel. Staak behandeling met **REYDIN** totdat 'n diagnose van pankreatitis uitgesluit is.

Pasiënte met matige tot erge renale inkorting:
In pasiënte met matige tot erge renale inkorting, is die terminale halfleeftyd van **REYDIN** verleng weens die verminderde opruiming. Die dosis van **REYDIN** moet gevolglik aangepas word (sien **"DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS"**).

Lewersiekte:
Behandeling met **REYDIN** kan tot hepatomegalie weens nie-alkoholiese vettige lewersiekte (hepatiese steatose) lei. Die veiligheid en effektiwiteit van **REYDIN** is nie in pasiënte met beduidende onderliggende lewerversteurings bepaal nie. Pasiënte met voorafbestaande lewerdisfunksie, insluitend chroniese aktiewe hepatitis, het 'n verhoogde frekwensie van lewerfunksie abnormaliteite gedurende kombinasie antiretrovirale terapie en moet volgens standaardpraktyk gemoniteer word. Indien daar bewyse is dat die lewersiekte vererger in sulke pasiënte, moet dit oorweeg word om die behandeling tydelik of permanent te staak.

Renale inkorting:
REYDIN is 'n kombinasie medisyne en die dosis van die individuele komponente kan nie gewysig word nie. Tenofovir en lamivudien word hoofsaaklik deur die niere uitgeskei. **REYDIN** word nie aanbeveel vir pasiënte met kreatinienopruiming < 50 mL/min of vir pasiënte wie hemodialise benodig nie. Renale inkorting, insluitende gevalle van akute nierversaking en Fanconi se sindroom (renale tubulêre skade met erge hipofosfatemie), is met die gebruik van tenofovir disoproksielfumaraat in kliniese praktyk gemeld. Noukeurige monitering van nierfunksie (serumkreatinien en serumfosfaat) word dus aanbeveel voordat **REYDIN** geneem word.

Nierfunksie:
Aangesien **REYDIN** hoofsaaklik deur die niere uitgeskei word, mag gesamentlike toediening van **REYDIN** met medisyne wat nierfunksie verlaag of kompeteer vir aktiewe tubulêre sekresie die serum konsentrasies van **REYDIN** verhoog en/of die konsentrasies van ander medisyne wat deur die niere uitgeskei word, verhoog. Sommige voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot adefovir dipivoksiel, sidofovir, asiklovir, valasiklovir, gansiklovir en valgansiklovir.

Renale veiligheid met tenofovir is slegs tot 'n baie beperkte mate in volwasse pasiënte met ingekorte nierfunksie (kreatinienopruiming < 80 mL/min) bestudeer.

Monitering van nierfunksie:
Dit word aanbeveel dat nierfunksie (kreatinienopruiming en serumfosfaat) geassesseer word in alle pasiënte voordat terapie met tenofovir disoproksielfumaraat begin word en dat dit ook elke vier weke tydens die eerste jaar van behandeling met tenofovir disoproksielfumaraat gemoniteer word, en daarna elke drie maande. In pasiënte wie 'n risiko vir ingekorte nierfunksie het, insluitend pasiënte wie vantevore renale voorvalle ondervind het terwyl adefovir dipivoksiel geneem is, moet dit oorweeg word om nierfunksie meer gereeld te monitor.

Gepaardgaande toediening en risiko vir renale toksisiteit:
Die gebruik van tenofovir disoproksielfumaraat moet vermy word met gepaardgaande of onlangse gebruik van 'n nefrotoksiese medisyne (bv. aminoglikosiede, amfoterisien B, foskarnet, gansiklovir, pentamidien, vankomisien, sidofovir of interleukien-2). Indien dit onvermydelik is om tenofovir disoproksielfumaraat en nefrotoksiese medisyne gesamentlik te gebruik, behoort nierfunksie weekliks gemoniteer te word.

Tenofovir disoproksielfumaraat is nie klinies geëvalueer in pasiënte wie medisyne ontvang wat deur dieselfde renale weg uitgeskei word nie, insluitende die transportproteïene menslike organiese anioon transporteerder (hOAT) 1 en 3 of MRP 4 (bv. sidofovir, 'n medisyne wat bekend is dat dit nefrotoksies is). Hierdie renale transportproteïene mag verantwoordelik wees vir tubulêre sekresie en deels vir die renale eliminasie van tenofovir en sidofovir. Die farmakokinetika van hierdie medisyne wat deur dieselfde renale weg uitgeskei word, insluitende transportproteïene hOAT 1 en 3 of MRP 4, mag gevolglik gewysig word indien dit gesamentlik toegedien word. Tensy dit regtig nodig is, word gepaardgaande gebruik van hierdie medisyne wat deur dieselfde renale weg uitgeskei word nie aanbeveel nie, maar indien dit onvermydelik is, moet nierfunksie weekliks gemoniteer word.

REYDIN moet vermy word met gepaardgaande of onlangse gebruik van 'n nefrotoksiese medisyne. Pasiënte met 'n risiko vir, of met 'n geskiedenis van nierdisfunksie en pasiënte wie nefrotoksiese middels terselfdertyd ontvang moet noukeurig vir veranderinge in serumvlakke van kreatinien en fosfor gemoniteer word.

K65R-mutasie:
REYDIN moet vermy word in antiretrovirale behandeling-ervare pasiënte wie MIV-1 het wat die K65R-mutasie huisves.

Beenmineraaldigtheid:
Afnames in beenmineraaldigtheid van die werwels en veranderinge in been-biomerkers vanaf die basislyn is beduidend groter met tenofovir disoproksielfumaraat, soos bevat in **REYDIN**. Afnames in beenmineraaldigtheid van die heup is beduidend groter. Klinies relevante beenfrakture is gemeld. Indien been-abnormaliteite vermoed word, moet toepaslike konsultasie verkry word. Beenmonitering moet oorweeg word vir MIV-geïnfekteerde pasiënte wie 'n geskiedenis van patologiese beenbreuk of 'n risiko vir osteopenie het.

REYDIN mag 'n verlaging in beenmineraaldigtheid veroorsaak. Dit is tans onbekend wat die effek van tenofovir disoproksielfumaraat geassosieerde veranderinge in beenmineraaldigtheid op langtermyn beengesondheid en toekomstige risiko vir frakture is.

Dit moet oorweeg word om beenmineraaldigtheid te monitor in MIV-geïnfekteerde pasiënte met 'n geskiedenis van patologiese beenfraktuur of met 'n risiko vir osteopenie. Alhoewel die uitwerking van aanvulling met kalsium en vitamien D nie bestudeer is nie, mag sodanige aanvulling vir alle pasiënte voordelig wees. Indien abnormaliteite van die been vermoed word, moet toepaslike konsultasie verkry word.

Beenabnormaliteite (wat ongereeld bydra tot frakture) kan met proksimale renale tubulopatie geassosieer word.

Pasiënte met MIV en hepatitis B- of C-virus gesamentlike infeksie:
REYDIN word nie aangedui vir die behandeling van HBV-infeksie nie. Die veiligheid en effektiwiteit van **REYDIN** is nie bepaal vir die behandeling van pasiënte met gesamentlike HBV en MIV-infeksie nie.

Pasiënte met chroniese hepatitis B of C wie antiretrovirale terapie ontvang, het 'n hoër risiko vir ernstige en potensieel noodlottige hepatiese ongunstige reaksies. Mediese praktisyns moet na huidige MIV-behandelingsriglyne verwys vir die optimale bestuur van MIV-infeksie in pasiënte wie gesamentlik met hepatitis B-virus (HBV) geïnfekteer is. In geval van gelyktydige antivirale terapie vir hepatitis B of C, verwys asseblief ook na die betrokke professionele inligting vir hierdie medisyne.

Pasiënte met chroniese hepatitis B of C wat met **REYDIN** behandel word, het 'n hoër risiko vir ernstige en potensieel noodlottige hepatiese ongunstige reaksies. Dokters moet verwys na huidige MIV-behandelingsriglyne vir die optimale bestuur van MIV-infeksie in pasiënte wie gesamentlik met hepatitis B-virus (HBV) geïnfekteer is.

Verergering van hepatitis:
Opflikkerings tydens behandeling:
Spontane opflikkerings van chroniese hepatitis B is relatief algemeen en word gekenmerk deur verbygaande stygings in serum ALT. Nadat antivirale terapie begin is, mag serum ALT in sommige pasiënte toeneem. In pasiënte met gekompenseerde lewersiekte, gaan hierdie stygings in serum ALT gewoonlik nie gepaard met 'n styging in serum bilirubien konsentrasies of hepatiese dekompensasie nie. Pasiënte met sirrose mag 'n groter risiko vir hepatiese dekompensasie hê na opflikkering van hepatitis en moet gevolglik noukeurig gemoniteer word tydens terapie.

Opflikkerings na staking van behandeling:
Akute opflikkerings van hepatitis is in pasiënte gemeld na staking van hepatitis B-terapie. Opflikkerings na-behandeling gaan gewoonlik gepaard met 'n toename in HBV DNA, en dit blyk dat die meerderheid selfbeperkend is. Hewige opflikkerings, insluitende sterfgevalle, is egter gemeld. Lewerfunksie moet met herhaalde intervalle gemoniteer word met sowel kliniese as laboratoriumopvolge vir ten minste 6 maande na staking van hepatitis B-terapie. Indien toepaslik, kan dit nodig wees om hepatitis B-terapie te hervat. In pasiënte met gevorderde lewersiekte of sirrose word staking van behandeling nie aanbeveel nie aangesien opflikkerings van hepatitis na-behandeling lewerdekompensasie kan veroorsaak. Lewer opflikkerings is veral ernstig en soms dodelik in pasiënte met gedekompenseerde lewersiekte.

Hipersensitiwiteitsreaksies:
Hipersensitiwiteitsreaksies is gemeld met integrase inhibeerders, insluitend dolutegravir en is gekenmerk deur veluitslag, konstitusiebevindinge en soms orgaandisfunksie, insluitend lewerskade. Staak **REYDIN** en ander verdagte middels onmiddellik indien tekens of simptome van hipersensitiwiteitsreaksies ontwikkel (insluitend maar nie beperk tot ernstige uitslag of uitslag met gepaardgaande koors, algemene malaise, moegheid, spier- of gewrigspyne, blase, orale letsels, konjunktivitis, gesigedeem, hepatitis, eosinofilie, angioedeem). Kliniese status, insluitende lewer aminotransferases, moet gemoniteer word en toepaslike terapie geïnisieer word. Vertraagde staking van behandeling met **REYDIN**, of ander verdagte middels, na die aanvang van hipersensitiwiteit kan tot 'n lewensdreigende reaksie lei.

Gebruik in pediatriese pasiënte:
Veiligheid en effektiwiteit in pediatriese pasiënte en pasiënte < 18-jarige ouderdom is nie bepaal nie.

Gebruik in bejaarde pasiënte:
Kliniese studies het nie 'n voldoende aantal proefpersone van 65 jaar en ouer ingesluit om te bepaal of hulle anders as jonger persone reageer nie.

Effek op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik:
REYDIN kan duiseligheid, belemmerde konsentrasie en/of lomerigheid veroorsaak en kan die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik affekteer. Pasiënte moet seker maak dat hulle nie 'n voertuig bestuur of masjiene gebruik voordat hulle weet hoe **REYDIN** hul affekteer nie.

INTERAKSIES:
Die waarskynlikheid van interaksies is laag weens die beperkte metabolisme en plasmaproteïenbinding, en feitlik volledige renale opruiming. Plasmavlakke van sidovudien word nie beduidend gewysig wanneer dit saam met lamivudien toegedien word nie. Sidovudien het geen effek op die farmakokinetika van lamivudien nie. Lamivudien mag die intrasellulêre fosforilasie van salsitabien inhibeer wanneer die twee medisyne gelyktydig gebruik word. Lamivudien word dus nie aanbeveel om in kombinasie met salsitabien gebruik te word nie. Toediening van trimetoprim, 'n bestanddeel van ko-trimoksasool, veroorsaak 'n styging in die plasmavlakke van lamivudien. Tensy die pasiënt ingekorte nierfunksie het, is dit egter nie nodig om die dosis van lamivudien aan te pas nie. Lamivudien het geen effek op die farmakokinetika van ko-trimoksasool nie. Die moontlikheid van interaksies met ander medisyne wat gesamentlik toegedien word moet oorweeg word, veral wanneer dit hoofsaaklik deur die niere uitgeskei word.

Geen medisyne interaksiestudies is met **REYDIN** uitgevoer nie. Aangesien **REYDIN** tenofovir disoproksielfumaraat en lamivudien bevat, mag enige interaksies wat met hierdie individuele medisyne geïdentifiseer is ook met **REYDIN** voorkom. Belangrike inligting oor medisyne interaksies vir **REYDIN** word in Tabelle 1, 2 en 3 opgesom. Die medisyne interaksies wat beskryf word is gebaseer op studies wat met tenofovir disoproksielfumaraat of lamivudien as individuele medisyne uitgevoer is, of is potensiële medisyne interaksies. Alhoewel die tabelle moontlik beduidende interaksies bevat, is dit nie allesomvattend nie. Gebaseer op die resultate van *in vitro* eksperimente en die eliminasieroete van tenofovir wat bekend is, is die potensiaal vir CYP450-bemiddelde interaksies wat tenofovir behels met ander medisyne, laag.

'n Interaksie met trimetoprim, 'n bestanddeel van ko-trimoksasool, veroorsaak 'n 40 % toename in lamivudien blootstelling teen terapeutiese dosisse. Dit vereis nie 'n aanpassing in dosering nie, tensy die pasiënt ook renale inkorting het. Toediening van ko-trimoksasool saam met die lamivudien/sidovudien kombinasie in pasiënte met ingekorte nierfunksie moet versigtig geassesseer word.

Tenofovir:
Medisyne wat renaal geëlimineer word:
Tenofovir, soos in **REYDIN**, word hoofsaalik deur die niere uitgeskei deur 'n kombinasie van glomerulêre filtrasie en aktiewe tubulêre sekresie. Gepaardgaande toediening van **REYDIN** saam met medisyne wat deur aktiewe tubulêre sekresie geëlimineer word, mag serumkonsentrasies van óf tenofovir óf die gepaardgaande medisyne verhoog weens kompetisie vir hierdie roete van eliminasie. Medisyne wat nierfunksie verminder mag ook serumkonsentrasies van tenofovir, soos in **REYDIN**, verhoog.

Tenofovir is geëvalueer in gesonde vrywilligers in kombinasie met abakavir, adefovir dipivoksiel, atasanavir, didanosien, efavirens, emtrisitabien, indinavir, lamivudien, lopinavir/ritonavir, metadoon, orale voorbehoedmiddels en ribavirien. Tabelle 1 en 2 som die farmakokinetiese effekte van medisyne wat gelyktydig toegedien word op tenofovir farmakokinetika, en effekte van tenofovir op die farmakokinetika van medisyne wat gelyktydig toegedien word, op.

Wanneer dit saam met veelvoudige dosisse tenofovir toegedien word, het die C_{maks} en AOK van didanosien 400 mg beduidend toegeneem. Die meganisme van hierdie interaksie is onbekend. Wanneer didanosien 250 mg enteries-bedekte kapsules saam met tenofovir toegedien word, was sistemiese blootstellings aan didanosien soortgelyk aan daardie wat met die 400 mg enteries-bedekte kapsules alleen onder vastende toestande, gesien is.

Tabel 1:
Medisyne interaksies: Veranderinge in farmakokinetiese parameters vir tenofovir[1] in die teenwoordigheid van medisyne wat gesamentlik toegedien word:

Medisyne wat gesamentlik toegedien word	Dosis van medisyne wat gesamentlik toegedien word (mg)	N	% Verandering van tenofovir farmakokinetiese parameters[2] (90 % VI)		
			C_{maks}	AOK	C_{min}
Abakavir	300 een keer	8	↔	↔	NC
Adefovir dipivoksiel	10 een keer	22	↔	↔	↔
Atasanavir	400 een keer daagliks x 14 dae	33	↑ 14 (↑ 8 tot ↑ 20)	↑ 24 (↑ 21 tot ↑ 28)	↑ 22 (↑ 15 tot ↑ 30)
Didanosien (enteries-bedek)	400 een keer	25	↔	↔	↔
Didanosien (gebuffer)	250 of 400 een keer daagliks x 7 dae	14	↔	↔	↔
Efavirens	600 een keer daagliks x 14 dae	29	↔	↔	↔
Emtrisitabien	200 een keer daagliks x 7 dae	17	↔	↔	↔
Indinavir	800 drie keer daagliks x 7 dae	13	↑ 14 (↓ 3 tot ↑33)	↔	↔
Lamivudien	150 twee keer daagliks x 7 dae	15	↔	↔	↔
Lopinavir/ Ritonavir	400/100 twee keer daagliks x 14 dae	24	↔	↑ 32 (↑ 25 tot ↑ 38)	↑ 51 (↑ 37 tot ↑ 66)

Pasiënte het tenofovir DF 300 mg een keer daagliks ontvang
1. Toename = ↑; Afname = ↓; Geen effek = ↔; NC = Nie bereken nie

Na herhaalde dosering aan MIV-negatiewe proefpersone wat of chroniese metadoon instandhoudingsterapie, orale voorbehoedmiddels, of enkeldosisse ribavirien ontvang het, was die farmakokinetika van tenofovir by ewewigstoestande soortgelyk aan dit wat in vorige studies waargeneem is, wat dui op 'n gebrek aan klinies beduidende medisyne interaksies tussen hierdie medisyne en tenofovir disoproksielfumaraat.

Tabel 2:
Medisyne interaksies: Veranderinge in farmakokinetiese parameters vir medisyne wat gesamentlik toegedien word in die teenwoordigheid van tenofovir:

Medisyne wat gesamentlik toegedien word	Dosis van medisyne wat gesamentlik toegedien word (mg)	N	% Verandering van die medisyne wat gesamentlik toegedien word se farmakokinetiese parameters[1]		
			C_{maks}	AOK	C_{min}
Abakavir	300 een keer	8	↑ 122 (↑ 1 tot ↑ 26)	↔	NA
Adefovir dipivoksiel	10 een keer	22	↔	↔	NA
Efavirens	600 mg een keer daagliks x 14 dae	30	↔	↔	↔
Emtrisitabien	200 mg een keer daagliks x 7 dae	17	↔	↔	↔
Indinavir	800 mg drie keer daagliks x 7 dae	12	↑ 14 (↓ 3 tot ↑33)	↔	↔
Lamivudien	150 mg twee keer daagliks x 7 dae	15	↔	↔	↔
Lopinavir/ Ritonavir	400/100 mg twee keer daagliks x 14 dae	21	↔	↔	↔
Metadoon[2]	40 – 110 een keer daagliks x 14 dae[3]	13	↔	↔	↔
Orale voorbehoedmiddels[4]	Etinielestradiol/ norgestimaat (Ortho-Tricyclen®) Een keer daagliks x 7 dae	20	↔	↔	↔
Ribavirien	600 een keer	22	↔	↔	NA
Ritonavir	Lopinavir/ritonavir 400/100 twee keer daagliks x 14 dae	24	↔	↔	↔
Atasanavir[5]	400 een keer daagliks x 14 dae	29	↔	↔	↔
Atasanavir[5]	Atazanavir/ritonavir 300/100 een keer daagliks x 42 dae	10	↑ 28 (↑ 50 tot ↑ 5)	↑ 25 (↑ 42 tot ↑ 3)	↑ 23[6] (↑ 46 tot ↑ 10)

Toename = ↑; Afname = ↓; Geen effek = ↔; NA = Nie van toepassing nie
1. R-(aktief), S- en totale metadoon blootstellings was ekwivalent wanneer dit alleen gedoseer is of met tenofovir as tenofovir disoproksielfumaraat 300 mg.
2. Individuele proefpersone is op hul stabiele metadoon dosis instand gehou. Geen farmakodinamiese wysigings (opiaattoksisiteit of tekens of simptome van onttrekking) is gemeld nie.
3. Etinielestradiol en 17-deasetielnorgestimaat (die farmakologies aktiewe metaboliet) blootstellings was ekwivalent wanneer dit alleen gedoseer is of saam met tenofovir as tenofovir disoproksielfumaraat 300 mg.
4. Reyataz VSA voorskrywersinligting (Bristol-Meyers Squibb).
5. In MIV-geïnfekteerde pasiënte het byvoeging van tenofovir disoproksielfumaraat by atasanavir 300 mg plus ritonavir 100 mg, gelei tot AOK en C_{min}-waardes van atasanavir wat 2,3- en 4-voudig onderskeidelik hoër was as die waardes wat waargeneem is vir atasanavir 400 mg wanneer dit alleen toegedien is.

Lamivudien:
Die waarskynlikheid van metaboliese interaksies is laag weens beperkte metabolisme en plasmaproteïenbinding en feitlik volledige renale opruiming.

Plasmavlakke van sidovudien word nie beduidend verander wanneer dit gepaardgaande met **REYDIN** toegedien word nie. Sidovudien het geen effek op die farmakokinetika van **REYDIN** nie.

Tabel 3:
Medisyne interaksie: Veranderinge in farmakokinetiese parameters vir medisyne wat gesamentlik toegedien word in die teenwoordigheid van lamivudien.

Medisyne wat gesamentlik toegedien word	Dosis van medisyne wat gesamentlik toegedien word (mg)	% Verandering van die medisyne wat gesamentlik toegedien word se farmakokinetiese parameters[1]		
		C_{maks}	AOK	C_{min}
Trimetopriem/ Sulfametoksasool	160/800 mg	NS	↑ 40	NS
Sidovudien	150/300 mg twee keer daagliks	↑ 28	↑ 13	NS

Toename = ↑; NS = Nie bestudeer nie

Gepaardgaande toediening met sidovudien veroorsaak 'n 13 % toename in sidovudien blootstelling en 'n 28 % styging in piek plasmavlakke. Geen dosisaanpassings is nodig nie, aangesien daar nie gereken word dat dit pasiëntveiligheid beïnvloed nie.

REYDIN mag die intrasellulêre fosforilasie van salsitabien inhibeer wanneer die twee medisyne terselfdertyd gebruik word. **REYDIN** word gevolglik nie vir gebruik in kombinasie met salsitabien aanbeveel nie.

Toediening van trimetopriem, 'n bestanddeel van ko-trimoksasool, veroorsaak 'n styging in die plasmavlakke van **REYDIN**. Tensy die pasiënt se nierfunksie ingekort is, is dit nie nodig om die dosis van **REYDIN** aan te pas nie. **REYDIN** het geen effek op die farmakokinetika van ko-trimoksasool nie.

Die moontlikheid van interaksies met ander medisyne wat gepaardgaande toegedien word moet oorweeg word, veral wanneer die belangrikste roete van eliminasie renaal is.

Gesamentlike toediening van **REYDIN** met etravirien (ETR) word nie aanbeveel nie, behalwe as die pasiënt ook gelyktydig atasanavir + ritonavir (ATV + RTV), lopinavir + ritonavir (LPV + RTV) of darunavir + ritonavir (DRV + RTV) ontvang.

Dolutegravir:
Rifampisien verlaag die bloedvlakke van dolutegravir. 'n Aanvullende dosis dolutegravir moet aan pasiënte wie **REYDIN** neem gegee word.

Daar is bewyse dat dolutegravir, soos bevat in **REYDIN**, die konsentrasie van isoniasied verhoog.

Effek van REYDIN op die farmakokinetika van ander middels:
In vitro het dolutegravir geen direkte, of swak inhibisie van die ensieme sitochroom P450, uridiendifosfaat glukuronosieltransferase of die transporteerder Pgp gedemonstreer nie. *In vitro* het dolutegravir nie CYP1A2, CYP2B6 of CYP3A4 geïnduseer nie, *in vivo* het dolutegravir nie 'n effek op midasolaam, 'n CYP3A4-peiler, gehad nie. Gevolglik word nie verwag dat dolutegravir, soos in **REYDIN**, die farmakokinetika van medisyne wat substrate is van hierdie ensieme of transporteerders [d.i. omgekeerde transkriptase- en protease inhibeerders, opioïedanalgetika, antidepressante, statiene, asool-antiswammiddels (soos flukonasool, itrakonasool, klotrimasool), protonpomp inhibeerders (soos esomeprasool, lansoprasool, omeprasool), anti-erektiele disfunksie medisyne (soos sildenafil, tadalafil, vardenafil), asiklovir, valasiklovir, sitagliptin, adefovir] sal affekteer nie.

Dolutegravir, soos in **REYDIN**, het nie enige klinies relevante effek op die farmakokinetika van die volgende nie: tenofovir, metadoon, efavirens, lopinavir, atasanavir, darunavir, etravirien, fosamprenavir, rilpivirien, telaprevir en orale voorbehoedmiddels wat norgestimaat en etinielestradiol bevat.

In vitro inhibeer dolutegravir die renale organiese katioon transporteerder 2 (OCT2). Gebaseer hierop mag **REYDIN** die plasmakonsentrasies van medisyne waarvan die ekskresie van OCT2 afhanklik is (dofetilied, metformien), verhoog.

Effek van ander medisyne op die farmakokinetika van dolutegravir, soos in REYDIN:
Dolutegravir, soos in **REYDIN**, word hoofsaaklik via metabolisme deur UGT1A1 uitgeskei. Dolutegravir is ook 'n substraat van UGT1A3, UGT1A9, CYP3A4, Pgp en BCRP; medisyne wat daardie ensieme induseer mag gevolglik teoreties plasmakonsentrasies van dolutegravir verlaag en die terapeutiese effek van dolutegravir in **REYDIN** verminder. Gepaardgaande toediening van **REYDIN** en ander medisyne wat UGT1A1, UGT1A3, UGT1A9, CYP3A4, en/of Pgp inhibeer mag die plasmakonsentrasie van dolutegravir verhoog.

Efavirens, nevirapien, rifampisien en tipranavir in kombinasie met ritonavir verminder elk die plasmakonsentrasies van dolutegravir beduidend en vereis 'n dolutegravir dosisaanpassing van 50 mg twee keer daagliks. Etravirien verlaag ook plasmakonsentrasies, maar die effek van etravirien is verlig deur gelyktydige toediening van die CYP3A4 inhibeerders lopinavir/ritonavir, darunavir/ritonavir en word verwag om deur atasanavir/ritonavir verlig te word. Geen dosisaanpassing is dus nodig wanneer dit gesamentlik met etravirien toegedien word nie. 'n Ander induseerder, fosamprenavir, in kombinasie met ritonavir het die plasmakonsentrasies van dolutegravir verlaag maar 'n dosisaanpassing is nie nodig nie. Versigtigheid is nodig, en kliniese monitering word aanbeveel wanneer hierdie kombinasies aan INI-weerstandige pasiënte gegee word. 'n Medisyne interaksiestudie met die UGT1A1-inhibeerder, atasanavir, het nie gelei tot 'n klinies betekenisvolle styging in die plasmakonsentrasies van dolutegravir nie. Tenofovir, ritonavir, lopinavir/ritonavir, darunavir/ritonavir, rilpivirien, bosepravir, telaprevir, prednisoon, rifabutien en omeprasool het geen of 'n minimale effek op dolutegravir farmakokinetika gehad, gevolglik is geen dosisaanpassing van dolutegravir nodig wanneer hierdie medisyne gesamentlik toegedien word nie.

Dolutegravir medisyne interaksies:

Gepaardgaande medisyne klas: Medisyne naam	Effek op konsentrasie van dolutegravir of gepaardgaande medisyne			
	Dolutegravir / gepaardgaande medisyne	AOK	C_{maks}	C_T
MIV-1 antivirale middels				
Nie-nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerder: Etravirien (ETR)	Dolutegravir ↑ ETR ↔	↓ 71 %	↓ 52 %	↓ 75 %
Nie-nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerder: Efavirens (EFV)	Dolutegravir ↓ EFV ↔	↓ 57 %	↓ 39 %	↓ 75 %
Nie-nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerder: Nevirapien	Dolutegravir ↓	NS	NS	NS
Protease inhibeerder: Atasanavir (ATV)	Dolutegravir ↑ ATV ↔	↑ 91 %	↑ 49 %	↑ 180 %
Protease inhibeerder: Atasanavir/ritonavir (ATV + RTV)	Dolutegravir ↑ ATV ↔ RTV ↔	↑ 62 %	↑ 33 %	↑ 121 %
Protease inhibeerder: Tipranavir/ritonavir (TPV + RTV)	Dolutegravir ↓ TPV ↔ RTV ↔	↓ 59 %	↓ 47 %	↓ 76 %
Protease inhibeerder: Fosamprenavir/ritonavir (FPV + RTV)	Dolutegravir ↓ FPV ↔ RTV ↔	↓ 35 %	↓ 24 %	↓ 49 %
Protease inhibeerder: Nelfinavir	Dolutegravir ↔	NS	NS	NS
Protease inhibeerder: Lopinavir/ritonavir (LPV + RTV)	Dolutegravir ↔ LPV ↔ RTV ↔	↔	↔	↔
Protease inhibeerder: Darunavir/ritonavir (DRV/RTV)	Dolutegravir ↓ DRV ↔ RTV ↔	↓ 32 %	↓ 11 %	↓ 38 %
Nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerder: Tenofovir (TDV)	Dolutegravir ↔ TDV ↔	NA	NA	NA
Protease inhibeerder: Lopinavir/ritonavir + etravirien (LPV/RTV + ETR)	Dolutegravir ↔ LPV ↔ RTV ↔ ETR ↔	↑ 10 %	↑ 7 %	↑ 28 %
Ander medisyne				
Dofetilied Pilsikaïnied	Dofetilied ↑ Pilsikaïnied ↑	NS	NS	NS
Okskarbasepien Fenitoïen Fenobarbitoon Karbamasepien Johanneskruid (St. John's Wort)	Dolutegravir ↓	NS	NS	NS
Teensuurmiddels wat polivalente katione bevat (bv. Mg, Al of Ca)	Dolutegravir ↓	↓ 74 %	↓ 72 %	↓ 74 %
Kalsiumaanvullings	Dolutegravir ↓	↓ 39 %	↓ 37 %	↓ 39 %
Ysteraanvullings	Dolutegravir ↓	↓ 54 %	↓ 57 %	↓ 56 %
Metformien	Metformien ↑	N/A	N/A	N/A
Rifampisien	Dolutegravir ↓	↓ 54 %	↓ 43 %	↓ 72 %
Orale voorbehoedmiddels [etinielestradiol (EE) en norgestromien (NGMN)]	EE ↔	↑ 3 %	↓ 1 %	↑ 2 %
	NGMN ↔	↓ 2%	↓ 11 %	↓ 7 %
Metadoon	Metadoon ↔	↓ 2 %	↔ 0 %	↓ 1 %

Afkortings: ↑ = Toename; ↓ = Afname; ↔ = Geen beduidende verandering nie; NA = Nie van toepassing nie; NS = Nie bestudeer nie.

Gepaardgaande toediening van dolutegravir het die potensiaal om die plasmakonsentrasies van dofetilied of pilsikaïnied te verhoog via onderdrukking van OCT2-transporteerder. Gepaardgaande toediening van dofetilied of pilsikaïnied met **REYDIN** is teenaangedui weens die potensiële lewensdreigende toksisiteit wat deur hoë dofetilied- of pilsikaïniedkonsentrasies veroorsaak word (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Gepaardgaande toediening van teensuurmiddels wat polivalente katione bevat (bv. Mg, Al, Fe of Ca) verlaag die plasmakonsentrasie van dolutegravir. **REYDIN** moenie gesamentlik met teensuurmiddels wat polivalente katione bevat toegedien word nie. Dit word aanbeveel dat **REYDIN** 2 uur voor of 6 uur na hierdie medisyne toegedien word.

Die konsentrasie van metformien mag verhoog word deur **REYDIN**. Metformien word teenaangedui in pasiënte wie **REYDIN** neem (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

MENSLIKE REPRODUKSIE:
Swangerskap:
REYDIN is teenaangedui tydens swangerskap en laktasie in die mens. Neurale buisdefekte is gemeld in 'n waarnemingstudie in mense, waar regimens gebaseer op dolutegravir gebruik is ten tye van bevrugting en vroeë swangerskap (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

In reproduktiewe toksisiteitstudies in diere is getoon dat tenofovir, dolutegravir en lamivudien die plasenta kruis. Laat-aanvang neurologiese afwykings, insluitend toevalle, is waargeneem in kinders wie aan nukleosied analoë soos tenofovir en lamivudien blootgestel is (sien **Mitochondriale disfunksie** onder **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

REYDIN moenie voorgeskryf word aan vroue wie beplan om swanger te raak nie. Vroue in hulle vrugbare jare, moenie **REYDIN** neem nie, behalwe as hulle hoogs effektiewe voorbehoeding getrou gebruik. Behandeling met **REYDIN** moenie geïnisieer word sonder dat 'n negatiewe swangerskaptoets onder mediese toesig verkry is nie. Hierdie toets moet met gereelde tussenposes tydens behandeling met **REYDIN** herhaal word, en veral indien swangerskap vermoed word.

Laktasie:
Moeders wat hulle babas borsvoed moenie **REYDIN** gebruik nie. Lamivudien word in moedersmelk uitgeskei teen konsentrasies soortgelyk aan die in die serum; tenofovir word in borsmelk uitgeskei en dit is onbekend of dolutegravir in moedersmelk uitgeskei word.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Terapie moet geïnisieer word deur 'n mediese praktisyn wat ervare is in die bestuur van MIV-infeksie.

Volwassenes:
Die dosis vir **REYDIN** is een tablet oraal geneem, een keer daagliks, met of sonder voedsel.

Pediatriese pasiënte:
REYDIN word nie aanbeveel vir gebruik in pasiënte jonger as 18-jarige ouderdom nie.

Dosisaanpassing vir renale inkorting:
Beduidende verhoogde blootstelling het voorgekom wanneer tenofovir, soos in **REYDIN**, toegedien is aan pasiënte met matige tot erge renale inkorting (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Die farmakokinetika van tenofovir, soos in **REYDIN**, is nie geëvalueer in nie-hemodialise pasiënte met kreatinien opruiming < 50 mL/min nie, gevolglik kan geen aanbevelings vir dosisaanpassings in hierdie pasiënte gemaak word nie. **REYDIN** is nie geskik vir gebruik in pasiënte met renale inkorting met kreatinien opruiming van minder as 50 mL/min nie.

Rifampisien verlaag die bloedvlakke van dolutegravir. 'n Aanvullende dosis dolutegravir moet aan pasiënte wie **REYDIN** neem, gegee word.

NEWE-EFFEKTE:
REYDIN kan newe-effekte hê.

Dolutegravir:
Immuunstelsel versteurings:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteit, immuunheraktivering sindroom.

Psigiatriese versteurings:
Dikwels: Slaaploosheid.

Senuweestelsel versteurings:
Dikwels: Hoofpyn, duiseligheid, abnormale drome.

Gastroïntestinale versteurings:
Dikwels: Naarheid, diarree.
Minder dikwels: Braking, winderigheid, bobuikpyn.
Frekwensie onbekend: Abdominale pyn, abdominale ongemak.

Hepatobiliêre versteurings:
Frekwensie onbekend: Hepatitis.

Vel- en subkutane weefselversteurings:
Dikwels: Uitslag, pruritus.

Lamivudien:
Die volgende newe-effekte is gemeld tydens terapie vir MIV-siekte met **REYDIN** tablette alleen en in kombinasie met ander antiretrovirale middels:

Bloed- en limfstelsel versteurings:
Minder dikwels: Neutropenie, anemie, trombositopenie.
Frekwensie onbekend: Suiwer rooisel aplasie.

Metabolisme- en voedingsversteurings:
Dikwels: Hiperlaktatemie.
Minder dikwels: Laktaatasidose, lipodistrofie (herverspreiding / akkumulasie van liggaamsvet) (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

Senuweestelsel versteurings:
Dikwels: Hoofpyn, slaaploosheid.
Frekwensie onbekend: Perifere neuropatie (of parestesie), laat-aanvang neurologiese versteurings in kinders wat *in utero* blootgestel is.

Gastroïntestinale versteurings:
Dikwels: Naarheid, braking, bobuikpyn of -krampe, diarree.
Minder dikwels: Pankreatitis, stygings in serum amilase.

Hepatobiliêre versteurings:
Minder dikwels: Verbygaande verhogings van lewerensieme (AST, ALT).

Vel- en subkutane weefselversteurings:
Dikwels: Uitslag, alopesie.

Muskuloskeletale-, bindweefsel- en skeletbeen versteurings:
Dikwels: Artralgie, spiersteurings.
Minder dikwels: Rabdomiolise, daling in beenmineraaldigtheid, osteopenie, frakture.

Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek:
Dikwels: Uitputting, malaise, koors.

Tenofovir:
Immuunstelsel versteurings:
Minder dikwels: Allergiese reaksies.

Metabolisme- en voedingsversteurings:
Frekwensie onbekend: Hipofosfatemie, laktaatasidose.

Respiratoriese-, torakale- en mediastinale versteurings:
Frekwensie onbekend: Dispnee.

Gastroïntestinale versteurings:
Dikwels: Anoreksie, dispepsie, winderigheid, abdominale pyn.
Minder dikwels: Styging in amilase, pankreatitis.

Hepatobiliêre versteurings:
Dikwels: Styging in lewerensieme, hepatitis.

Nier- en urienwegversteurings:
Dikwels: Renale ontoereikendheid, verhoogde kreatinien, proksimale renale tubulopatie, nierversaking, akute tubulêre nekrose, nefrogeniese diabetes insipidus, proteïenurie.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN:
Indien oordosering plaasvind moet die pasiënt gemoniteer word vir tekens van toksisiteit, en standaard ondersteunende behandeling soos nodig toegepas word.

Dolutegravir:
Bestuur volgens wat klinies aangedui word of soos aanbeveel deur die nasionale gifsentrum, indien beskikbaar. Daar is geen spesifieke behandeling vir 'n oordosis van **REYDIN** nie. Indien oordosering plaasvind moet die pasiënt ondersteunende terapie ontvang met gepaste monitering soos nodig. Aangesien **REYDIN** hoogs gebonde aan plasmaproteïene is, is dit onwaarskynlik dat dit beduidend deur dialise verwyder sal word.

Lamivudien:
Beperkte data is beskikbaar oor die gevolge van inname van 'n akute oordosis in mense. Indien oordosering plaasvind, moet die pasiënt gemoniteer word en palliatiewe ondersteunende behandeling soos nodig gegee word.

Tenofovir disoproksielfumaraat:
Indien oordosering voorkom moet die pasiënt gemoniteer word vir tekens van toksisiteit en palliatiewe ondersteunende behandeling moet soos nodig gegee word. Tenofovir kan deur hemodialise verwyder word; die mediaan opruiming van tenofovir via hemodialise is 134 mL/min. Die eliminasie van tenofovir deur peritoneale dialise is nie bestudeer nie.

IDENTIFIKASIE:
Blou, kapsulevormige, bikonvekse filmbedekte tablet, met 'C' aan die een kant ingepers en glad aan die ander kant.

AANBIEDING:

Houers van 28: **REYDIN** word verskaf in 'n 85 cc wit HDPE bottel met 38 mm wit nie-kinderbestande deksel, wat 28 tablette en twee silikajelsakkies van 2 g elk bevat, met of sonder 'n buitenste kartonhouer.

Houers van 30: **REYDIN** word verskaf in 'n 85 cc wit HDPE bottel met 38 mm wit nie-kinderbestande deksel, wat 30 tablette en twee silikajelsakkies van 2 g elk bevat, verpak in 'n buitenste kartonhouer.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Berg teen of benede 30 °C.
Hou die houer dig geslote.
Berg in die oorspronklike houer tot benodig vir gebruik.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:
52/20.2.8/0451.450

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:
CIPLA MEDPRO (EDMS) BPK
Gebou 9, Parc du Cap,
Mispelstraat, Bellville,
7530, RSA

PUBLIKASIEDATUM VAN HIERDIE PROFESSIONELE INLIGTING:
31 Augustus 2018

Cipla

21073749